A15 2

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

## (TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85 DELMAS

1987-03-09

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 189

(Bladsye 9 802 - 9 872)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF HERVAT OP 9 MAART 1987.

MORAKE PETRUS MOKOENA, v.o.e. (Deur tolk)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : U Edele, ek verstaan beskuldigde nr. 10 is nog nie by die hof nie.

HOF : Dankie, dit word genotuleer. Is daar enige ander beskuldigdes wat nie hier is nie?

MNR. JACOBS : Ek verstaan die ander is almal hier.

Mnr. Mokoena, gedurende September 1983 was daar enige vergaderings gehou in Evaton omgewing, massavergaderings? -- Ek kan nie onthou nie.

Kan u onthou van enige massavergadering wat gehou was op 18 September 1983 in Evaton? -- Nee.

Ek wil aan jou stel daar was ŉ vergadering, ŉ massavergadering gehou op 18 September 1983 in Evaton en waar sprekers van UDF opgetree het? -- Ek weet nie daarvan nie.

En dat die sprekers wat daar opgetree het is beskuldigde nr. 19, Popo Molefe en Aubrey Mokoena? -- Dit was nie ŉ vergadering wat te doene gehad het met ons organisasie van Evaton Ratepayers nie. Ek weet nie daarvan nie.

Weet jy of van ander lede van Evaton Ratepayers hierdie vergadering bygewoon het? -- Ek het nog nie daarvan gehoor nie.

Op hierdie stadium, om duidelikheid te kry, Evaton Ratepayers Association, het hulle ŉ man aangewys wat segsman sal wees vir hulle as daar gepraat moet word met die pers of met ander organisasies of met iemand? -- Nee, daar bestaan nie so iets nie.

Kon enigeen van Evaton Ratepayers se bestuur sommer met die pers byvoorbeeld onderhoude voer? -- Ek sê niemand was uitgewys om hierdie vergadering by te woon vanaf

Evaton/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Evaton Ratepayers Association nie.

HOF : Dit was nie die vraag nie. Die vraag was of enigiemand namens die bestuur die pers en daardie soort instansies te woord kon staan? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

MNR. JACOBS : Het jy enige personderhoude gevoer? -- Dit wil sê gedurende Septembermaand?

Nie net September nie, ek vra in die algemeen, kon enigiemand met die pers onderhoude voer? Kon jy dit doen? -- Nee, daar is nie so iets nie.

Weet jy of die voorsitter personderhoude gevoer het met die pers? -- Ek kan nie onthou nie.

Dit wil sê September of daarna? -- Ek kan onthou dat ek 'n verslag gemaak het by die koerantmense oor wat gebeur het in verband met die begrafnis van 23 September.

Het jy 'n verklaring gemaak aan die pers namens ERPA? -- Nee, nie dat ek namens ERPA gepraat het nie, maar ek het gepraat van wat daar plaasgevind het.

Kom ons praat dan net oor ERPA waarvan ek jou gevra het, of daar enigiemand persverklarings gemaak het volgens jou kennis en of hulle dit kon doen? -- Behalwe waarvan ek nou net gepraat het, dit is die voorval van 23 September kan ek niks meer as dit onthou nie.

Of aan enige publikasies soos UDF News? -- Ek onthou so vaag dat ek wel 'n verslag gemaak het wat dan later by die UDF News bevat was.

Namens ERPA? -- Gedurende daardie tyd was dit die tyd van die onluste. Dit was nie 'n kwessie van dat ek praat namens ERPA nie. Ek het net daar gepraat oor wat plaasgevind het gedurende hierdie tyd in die Vaal.

Wat se rapport het jy gemaak aan die UDF News oor

hierdie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hierdie insident? -- As ek reg onthou het dit betrekking gehad op die onluste sowel as die kinders wat skool toe gaan.

Wat het jy gesê? -- Ek kan nie so goed onthou nie. Wat ek wel kan sê is dat ek iets gesê het oor die onluste in die Vaal en ook iets gesê het aangaande die kinders wat nie skool toe gaan nie.

Wat het jy gesê omtrent die onluste? Hoe dit ontstaan het of wat die oorsaak daarvan was of wat het jy gesê? -- Ek kan nie meer onthou nie.

En oor die kinders? -- Oor die kinders wat ek kan onthou is dat ek gesê het die kinders gaan nie skool toe nie.

Hoekom nie? Het jy gesê of het jy net gesê hulle gaan nie skool toe nie, dit is al? -- Ek kan nie onthou dat ek melding gemaak het van die rede hoekom hulle nie skool toe gaan nie.

En voor dit, na die stigting, nadat ERPA besluit het om te affilieer by UDF het jy enige persverklaring gemaak aan hetsy UDF News, hetsy Speak? -- Ek kan nie onthou nie.

Is dit moontlik? -- Ek kan nie sien hoe dit kan gebeur nie.

Ek vra nie vir jou om te sien nie. Ek vra is dit moontlik dat dit gebeur het of is dit nie moontlik nie. Dit is ŉ eenvoudige vraag.-- Dit is moontlik, ja, dat dit so kan wees.

En as u so ŉ persverklaring gemaak het, u sê dit is moontlik, op watter gesag het jy dit gedoen? Waar het jy gesag gekry om namens ERPA persverklarings te maak? -- Soos ek alreeds gesê het, daar was besluit gewees dat daar aangesluit of geaffilieer gaan word met die UDF. Dit was in November 1983. Met my bywoning van die vergaderings wat gehou was by UDF waar daar gesprekke uitgevoer was, is

dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dit moontlik ook dat daar ander mense besluit om gebruik te maak van wat daar gehoor was.

Jy antwoord nie my vraag nie. My vraag is 'n eenvoudige vraag. Jy sê dit is moontlik dat jy met Speak en ook met daardie tipe publikasies persverklarings kon gedoen het nadat julle besluit het op 6 November om te affilieer by UDF. Is dit reg? Dit is 6 November 1983 om die jaar duidelik te maak? -- Wat ek sê is die volgende. Ek sal nie weet wanneer en onder watter omstandighede het dit gebeur dat dit bevat moet word in hierdie publikasies nie.

En toe was my vraag gewees waar het jy die gesag vandaan gekry om persverklarings namens ERPA te doen. Dit was my vraag? -- Ek maak wel verklarings aan die koerante. Dit is die reg wat aan my gegee was deur my organisasie deur te sê indien dit nodig is, kan ek dit doen.

Is dit nou in jou hoedanigheid as sekretaris van die organisasie? -- Ja.

Was jy die enigste man aan wie hierdie organisasie van jou ERPA volmag verleen het om persverklarings te doen? -- Partykeer maak die voorsitter ook maar sy eie koerantverklarings.

En het hy die volmag gehad van die vergadering om dit te doen? -- Ja, hy het ook die volmag gehad.

So, was dit net julle twee wat die volmag van ERPA gehad het om persverklarings of verklarings aan tydskrifte of publikasies soos Speak en UDF News te gee? -- Behalwe in die geval waar daar iemand uitgewys word deur die komitee dat hierdie persoon oor daardie aangeleentheid moet handel.

Kan jy so 'n persoon onthou wat so uitgewys was wat oor 'n aangeleentheid moes handel? -- Ek onthou in die jaar

1982/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

1982 het dit gebeur dat Jonas Khubeka onder daardie omstandighede opgetree het.

Kan jy onthou van hierdie kwessie van UDF en die aansluit by UDF of affiliasie by UDF of daar aan iemand spesiale volmag verleen was om daaroor persverklarings of verklarings aan publikasies te doen? -- Ek kan nie onthou nie.

Ek wil net vir jou terugvat na BEWYSSTUK S1. Dit is die notule van die Uitvoerende Komitee van UDF Transvaal gehou op 15 September 1983. Daar het ons van bo af ŉ opskrif, ek dink die derde van bo af - dit gaan oor "Meetings". Dan sal ek vir jou lees wat hier staan onder "Meetings". "Two meetings were to be held on Sunday, the 18th of September" (a) te Boipatong, Vanderbijlpark "to be addressed by Terror and Bokhala" en dan (b) "Evaton to be addressed by Popo and Aubrey." Dan by (c) staan daar "We were invited to a house meeting on 21 September. Frank and Curtis to attend this meeting." Weet jy enigiets van hierdie vergadering toegespreek deur Popo en Aubrey in Evaton? -- Ek weet niks van hierdie vergadering nie.

Hoe is dit moontlik dat jy daar in Evaton bly, dat daar ŉ massavergadering gehou word waar mense van UDF kom toespreek wat sekerlik geadverteer was en dat jy niks weet van so ŉ vergadering nie? -- Hierdie vergadering het niks te doene gehad het met die Evaton Ratepayers Association nie. Met die gevolg dit was ŉ reëling tussen die mense by wie hulle besoek afgelê het, dit wil sê Popo en Aubrey besoek afgelê het. My organisasie het geen kennis daarvan gedra nie.

Ek sal lateraan terugkom hiernatoe terugkom. Kan jy vir ons sê, hoe is dit dat ŉ man wat van die sewentiger jare af aktief in die politiek staan in Evaton nie weet van so

ŉ/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ŉ vergadering nie? -- Ek sal alleenlik weet daarvan as hulle enige gesprek met my daaroor gevoer het. Sonder dit sal ek nie weet nie.

Ons gaan verder. Die volgende bewysstuk waarna ek jou wil verwys is K1. Sal u saam met my stem dat in daardie tyd in September 1983 was beskuldigde nr. 10, Popo Molefe, nog ŉ sekretaris van UDF Transvaal? -- Ek het nie daardie kennis gehad dat hy ŉ sekretaris van UDF Transvaal was nie.

Jy sal dit nie betwis nie? -- Kyk, my kontak met hierdie mense het begin op 6 November 1983. Voor dit het ek nie van hulle geweet nie.

U sien, op hierdie verslag, BEWYSSTUK K1, dit is die notule van die Algemene Raad se vergadering gehou op 17 September 1983 in Johannesburg te die Central Metodiste Kerk. Hier staan op punt 3.8 "Regional secretaries". "Popo Molefe has resigned as Transvaal regional secretary as he is now general secretary." So, jy kan dit nie betwis dat hy tot op daardie stadium dit was nie? -- Ek wil nie kommentaar hieromtrent lewer nie, behalwe dat ek niks weet nie.

Dan wil ek jou verwys na "Report from the Transvaal secretaries." Dit is punt 3.1. Daar word verslag gedoen deur die sekretaris van UDF Transvaal dat 3.1 "Briefing meetings. A number of briefing meetings were held with the people in areas like Ghagiso, Mansville, Carletonville, Orange Vaal, Soweto and Springs." Was daar enige vergaderings daarso by julle gehou in "briefing meetings in Orange Vaal"? -- Ek weet niks van hierdie goed nie. Ek dra geen kennis daarvan nie. Dus kan ek geen kommentaar daaromtrent lewer nie.

3.5 "Mass meetings." Ek sal die hele stuk lees. "A mass meeting was held at Wits University on 1 September

1983/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

1983. The meeting was convened by BSS. Over the next few weeks UDF would be addressing meetings in Evaton, Boipatong, Kathlehong, Ghagiso, Vryburg, Khudumane, Alexandra Township, Riverlia, Laudium, Lentz and Soweto." Weet jy van hierdie vergaderings wat gehou was in Evaton wat oor die volgende paar weke gehou sou word? -- Ek weet niks daarvan nie.

Het jy nie een van hierdie vergaderings bygewoon nie? --

MR TIP : It is a minor point. There is not only one construction which suggested that there were more than one meeting in Evaton. The reference to meetings apparently (10) relates to all that meetings.

MNR. JACOBS : Ek het ook nie gesê daar is meer as een nie. Ek het gesê daar is "meetings" gehou. Soos hy hier is het ek hom net gelees. Het jy enige van hierdie vergaderings, hetsy in Evaton of Boipatong gaan bywoon? -- Om dit aan u duidelik te stel sal ek dit so aan u stel. In Evaton het ek nog nooit ŉ ander vergadering bygewoon behalwe die vergaderings van Evaton Ratepayers Association nie. Met die gevolg wil ek u laat verstaan dat ons nou nie op hierdie ding so hamer nie, want ek was nie by ŉ ander vergadering (20) gewees nie.

Ek dink jy moet net my vrae antwoord. Jy sê jy het nie een ander vergadering as Evaton Ratepayers Association vergaderings bygewoon nie? Geen ander vergaderings nie? -- Ja, ek sê so.

Ek sal miskien daarop terugkom. Is dit dan reg, verstaan ek jou dan reg tot op 6 November 1983 het jy hoegenaamd niks geweet van UDF en die strewe van UDF nie? -- Behalwe wat ek van gelees het in die koerante.

Wat het jy geweet omtrent hulle beleid omtrent (30)

Swart/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Swart plaaslike besture? -- Ek het niks geweet nie. Tot die dag van die 6de toe Curtis Nkondo dit aan ons kom verduidelik het.

So, jy het nie eers geweet dat UDF ʼn kampanje voer teen Swart plaaslike besture nie? -- Nee, ek het nie geweet nie.

En voor 6 November 1983 het jy niks oorweeg in ERPA omtrent die toepassing van enige kampanje teen die plaaslike besture nie? -- Daar was niks oorweeg nie.

En na die vergadering van 6 November 1983, het julle toe oorweging geskenk aan die voering van ʼn kampanje teen die Swart plaaslike besture? -- Nee.

Het julle geen so ʼn besluit geneem om ʼn kampanje te voer teen Swart plaaslike besture nie? -- Nee.

Weet jy of van jou ander lede van die komitee van ERPA sulke gevoelens uitgedruk het dat julle ʼn kampanje voer teen Swart plaaslike besture? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Kan ek net iets duidelik kry. Toe julle op 6 November 1983 besluit het om by UDF te affilieer, het julle op die komitee, op julle vergadering besluit wie sal die aansoek doen of wie sal optree om aansoek te doen vir aansluiting en affiliasie by UDF? -- Nee, ons het nie daarop ʼn besluit geneem wie dit sou doen nie.

Het julle besluit hoe dit gedoen sou word? -- Ons het nie daaromtrent besluit nie. Al wat ons gehad het is die volgende inligting. Dat R100,00 betaalbaar is alvorens ons daar gaan aansluit. Dit wil sê dit is die aansluitingsfooi. Wie dit sou doen, was nie besluit nie.

Op hierdie vergadering, jy sê die mense wat julle toegespreek het daar was Curtis Nkondo en Shabangu. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het Curtis Nkondo enigiets gesê omtrent Swart plaaslike besture op daardie vergadering? -- Ja, in sy toespraak het hy gesê UDF was gestig met die oog daarop dat dit teen die Koornhof "bills" moet optree. Dit wil sê die Black Local Authorities was ook een van die Koornhof "bills" waarna verwys word.

Het hy verder gesê of UDF ŉ kampanje voer daarteen of hoe die kampanje gevoer word? -- Nee, hy het dit nie verduidelik nie.

Het hy verduidelik - en Shabangu, het hy enigiets oor Swart plaaslike besture gepraat? -- Nee, hy het nie daarvan gepraat nie.

Het enigeen van hulle gesê hoe dat die nuwe Swart plaaslike besture sou werk onder die nuwe wet op Swart plaaslike besture? Is dit vir julle uiteengesit? -- Hy het dit nie verduidelik nie.

Het hulle enigiets daar verduidelik op die vergadering van hoe dat Koornhof en die raadslede of die rade die mense sal uitdruk uit hulle huise uit en hulle sal stuur na Bantoetuislande toe? -- Ek kan nie onthou dat so ŉ melding gemaak was nie.

Is dit moontlik dat hulle dit gesê het dat jy dit nie onthou nie of sê jy dit is nie gesê nie? -- Ek sê ek kan nie daarvan onthou nie. Wat ek daarby bedoel is dat dit moontlik is dat ek miskien vergeet het.

Kan jy onthou of enigeen van hulle gesê het om te stem vir Swart plaaslike besture is om te vra dat hoër huur ingestel word en dat daar uitsetting sal plaasvind? -- Ek kan nie onthou nie.

Het hulle gepraat en gesê dat die Regering se nuwe

beleid/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

beleid oor behuising sou nie die behuisingskwessie oplos en die behuisingskrisis oplos nie? -- Ek kan nie onthou nie.

Het hulle daarso gepraat omtrent die feit dat Indiër- en Kleurlingkinders sal nou opgeroep word in die Weermag in om apartheid te beskerm? -- Ek kan dit nie onthou nie.

Kan jy onthou of daar gepraat is oor die Arbeidersparty en gesê is dat hulle deelname aan die nuwe konstitusionele planne maak van hulle mense wat ondersteuners is van apartheid? -- Ek kan nie daardie goed onthou nie.

Hoekom kan jy dit nie onthou nie? Wat is die rede? -- Kyk, hierdie dinge het lank gelede plaasgevind en ek het nog nooit daaraan gedink dat ek eendag daaromtrent gevra sal word nie.

Wat kan jy onthou waaroor het hierdie twee here van UDF gepraat? -- Dit is wat ek verduidelik het hier dat Curtis in sy toespraak gesê het die stigting van UDF was met die oog daarop om teen die apartheid en die Koornhof "bills" in die nuwe konstitusie te veg. Hy het verder uitgebrei daaromtrent en gesê organisasies kan affilieer aan UDF, maar ŉ enkellopende persoon kan nie affilieer nie. Hy het verder gesê dat UDF is nie uitsoekerig nie, hulle vat enige organisasie wat voel om aan te sluit by hulle. Hy het verder gesê dat as ŉ organisasie aansluit moet daardie organisasie in affiliasie R100,00 betaal.

Het hy ook verduidelik aan julle dat as jy by UDF aansluit en affilieer by hom dan moet julle die nasionale kampanjes van UDF ook opneem en saam met UDF daar veg? -- Nee, hy het dit nie gesê nie.

<u>HOF</u> : Het hy nie verduidelik dat daar so ŉ ding is soos "associate membership" en dat dit net R20,00 kos nie? --

Nee/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Nee, hy het nie daarvan gepraat nie.

MNR. JACOBS : Ek wil net om hierdie af te handel vir jou lees. Ek verwys na BEWYSSTUK W24. Dit is ŉ UDF News volume 1 nommer 2 van Oktober 1983. In hierdie dokument sê UDF - ek lees op bladsy 3 "On the move with Transvaal UDF." Wat dan spesifiek betrekking het op Evaton begin op die eerste kolom die derde laaste paragraaf in daardie eerste kolom. "Thousands of freedom loving people in the Transvaal have heard UDF speakers at workshops and mass meetings in Ghagiso, Eldoradopark, Evaton, Bophelong, Noordgezicht, Kathlehong, Sharpeville and at Wits University. The UDF speakers have told of the new community councils under the Black Local Authorities Act. They have told how Koornhof and councils will squeeze people out of houses and send them to the Bantu stands. The UDF has said a vote for local authorities is to ask for high rentals and evictions. UDF speakers have told how the government's new policy of selling houses is not an answer to the housing crisis. The people have heard how Indian and Coloured youths will be called up to the army to defend apartheid. The Labour Party's taking part in the new constitution plans, speakers said, has turned it into a torch bearer of apartheid". Dan gaan dit voort "The same meetings will be held." Stem jy saam oor hierdie tydperk voordat julle besluit het om te affilieer aan UDF op 6 November 1983 .. (Mnr. Tip kom tussenbei)

MR TIP : I am sorry to interrupt My Learned Friend but insofar as it is suggested that these things might have been said at the meeting of November 1983, I respectfully draw Your Lordship's attention to the fact that it is dated October 1983. That is the publication in question.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. JACOBS : As My Geleerde Vriend geluister het na wat ek nou net besig was om vir die getuie te vra, het ek gestel aan hom dat voor die datum wat hulle besluit het om aan te sluit by UDF op 6 November 1983 en toe hy my in die rede geval het, voor dit, was my vraag gewees. Ek weet nie wat sy beswaar is nie.

HOF : Stel net die vraag.

MNR. JACOBS : Voor daardie datum wat julle besluit het op 6 November 1983 om by UDF aan te sluit, was die inhoud van wat ek nou net aan jou gelees het vrylik verkondig in Evaton ook en julle het kennis gedra daarvan ook? -- Dit is nie so nie, want ek sal vir u sê, die tydperk wat hier beweer word dat die vergaderings daar gehou was, het ek nie hierdie vergaderings bygewoon indien hulle daar gehou was nie en daar is geen lid van my komitee wat dit aan ons gerapporteer het dat hy so 'n vergadering bygewoon het waar hierdie dinge bespreek was nie, behalwe die vergadering wat bygewoon was deur ons voorsitter, mnr. Khabi. Dit is die stigtingsvergadering van VCA waarop hy verslag aan ons gedoen het na aanleiding waarvan ons toe besluit het om sprekers van die UDF te bekom.

En nou is my volgende vraag aan jou as dit die algemene boodskap was wat oorgedra is deur UDF sprekers in die Vaal, Evaton en die ander dele van die Vaal, oor die tydperk van September, dan is dit net redelik om af te lei dat hulle sou dit ook gesê het op julle vergadering? -- Dit is nie so nie. Al wat ons gehoor het van UDF is dit wat gesê was deur die "speakers" van UDF by ons vergadering waarheen ons hulle genooi het.

Jy sien, ek wil jou dan verwys na BEWYSSTUK AU7.

Dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Dit is 'n publikasie genaamd "Speak" volume 2 nommer 1 en gedateer 15 Januarie 1984.

HOF : Is dit 15 of is dit 15c?

MNR. JACOBS : Myne is ook nie duidelik nie. Kan ons ons dan net bepaal by nommer 1 van volume 2 van 1984 bladsy 6. Hierdie dokument was by beskuldigde nr. 12 gevind. As jy kyk na die laaste kolom op bladsy 6, daar staan onder die wapen van UDF "UDF wins over residents." Ek lees vir jou "The opposition Evaton Ratepayers Association has resigned from the Evaton Community Council and joined the United Democratic Front." Is dit reg? -- Nee, dit is nie reg nie.

Dan gaan ons verder. "Apartheid institutions such as community councils have done nothing for the residents, an association spokesman said." Wat sê u daaromtrent? -- Ek weet nie daarvan nie.

"The Ratepayers association has also said that they were campaigning to boycott the local authorities election." -- Ek weet nie daarvan nie.

U sien, ek het netnou vir jou gevra wie is moontlike segsmanne van julle organisasie en jy het gesê dit was jy en die voorsitter. -- Ja, dit is reg.

Jy het gesê dit is moontlik, jy kan jou so iets voorstel dat jy met 'n publikasie hetsy Speak of UDF News 'n onderhoud gevoer het? -- Ja, ek onthou dit.

Is dit nie die onderhoud wat jy gevoer het as spreekbuis van ERPA nie? -- Nee.

Dan moet die enigste ander persoon net julle voorsitter wees wat 'n onderhoud gevoer het met Speak? -- Ek sal nie kan sê nie, want dit word nie hier gesê wie die persoon is wat daardie inligting verskaf het nie.

Maar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Maar jy het mos vir ons gesê dit kan net twee persone wees, een van twee? -- Ja, maar hier word geen melding gemaak dat ons die persone is wat dit gedoen het nie.

En die spreekman van ERPA het hierso gesê dat julle organisasie het besluit om te bedank by die Evaton Community Council en dat julle aangesluit het by die UDF. Dit is mos reg? Julle het besluit om aan te sluit by die UDF? -- Wanneer is hierdie ding uitgereik?

Is dit nou so of nie so nie? -- Ons organisasie het wel besluit om te affilieer met die UDF maar dit is nie korrek as ŉ mens dit so stel dat ons eintlik bedank het uit die Community Council nie. Ons was nog nooit betrokke met hulle nie.

Nooit nie? -- Evaton Ratepayers het nooit by die Community Council aangesluit nie.

Jy was dan ŉ raadslid self gewees tot op daardie stadium toe die nuwe verkiesings gekom het in November 1983? -- Ek was ŉ lid van Evaton Ratepayers Association terwyl ek nog in die Gemeenskapsraad gedien het.

En toe julle besluit het dat ERPA by UDF moet aansluit toe was jy nog ŉ raadslid gewees? -- Dit is juis nadat ek vir die gemeenskap daar by hierdie vergadering gesê het dat ek nie meer gaan staan as ŉ kandidaat vir ŉ verkiesing in die Gemeenskapsraad nie!

So, dit lyk vir my jy is die segsman wat hier gepraat het, want jy is die man wat nie meer in die Raad gaan staan nie, wat hier nou opgeneem was as "resign" en dit is daar besluit dat julle gaan affilieer met UDF? -- Nee, dit is nie ek nie.

Was jy die enigste lid van ERPA wat behoort het aan

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die Raad? -- Ja, dit is so.

Dan moet dit mos jy wees wat hierdie segsman is want jy is die enigste man wat die Raad daarna verlaat het? -- Hierdie paragraaf hier praat van die Evaton Ratepayers Association wat bedank het as ŉ lid van die Gemeenskapsraad. Hulle praat nie van ŉ persoon, dit wil sê ŉ raadslid wat bedank het uit die Gemeenskapsraad en by UDF gaan affilieer nie.

Kom ons gaan na die volgende paragraaf, dan neem ons dit ŉ bietjie op. "Apartheid institutions such as community councils have done nothing for the residents, an association spokes person said." Is dit die regte stelling van wat die siening was van ERPA omtrent die raadslede of die Raad? -- Ek sal nie sê dat dit nou van ERPA af gekom het soos dit nou daar gestel word nie. Wat ek wel kan sê is, dit was wel een van die sienings van ERPA.

Ja, jy het hier in jou getuienis vir ons vertel hoe dat die Raad eintlik vir julle niks werd was nie en dat dit julle siening was in ERPA? -- Ja, ek het reeds gesê dit was ons siening gewees dat die dorpsraad van Evaton niks vir ons gedoen het nie. In plaas daarvan om vir ons iets te doen wou hulle ons land of grond weggeneem het en dit vir die Administrasieraad gegee het.

So, die stelling wat hier gemaak word wat ek nou aan jou gelees het dat "Apartheid institutions such as" is in ooreenstemming met wat ERPA beskou het as die siening van die raadslede en die Raad? -- Ek sê wat hier genoem word is een van die sienings van die mense van die Evaton Ratepayers Association.

En die segsman wat dan hier gepraat het, het wel

oorgedra/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

oorgedra wat julle siening was? -- Die persoon wat ŉ verslag gedoen het hier omtrent hierdie aangeleentheid het hier bekendgemaak wat daardie persoon se gevoel en siening was op die oomblik toe hy dit gedoen het, maar dit klop met die siening van ERPA, nie dat dit van ERPA eintlik oorspronklik gekom het nie.

Hoe kan jy so iets sê? Verduidelik vir die Hof? -- Daarby bedoel ek ERPA was nie teenwoordig toe die persoon hierdie verslag gedoen het aan die skrywer nie. Die persoon het sy gevoel aan die skrywer oorgedra, wat toevallig geklop het met die gevoel van ERPA.

Ek wil dit aan jou stel jy probeer net rondspring, want hierdie persoon was ŉ segsman van ERPA, hy het ŉ volmag gehad om te praat namens ERPA en hy het gepraat namens ERPA? Hoe kan jy sê dit is nie die waarheid nie? Jy het dan hier vir die Hof te kenne gegee dat jy weet eintlik niks van hierdie persverklaring af nie? -- Dat die spreker daar namens ERPA gepraat het.

Hoe kan jy sê dit is nie die waarheid nie? Sê vir ons. Moet dit nie ontwyk nie. -- Wat hier verskyn, dit word beskryf as dinge wat gekom het van iemand wat namens ERPA praat. Ek weet nie wie die persoon is nie. Ek kan nie sê dat dit van ERPA gekom het nie, maar ERPA was nie by nie, want ek sal dit nie ten volle kan sê deur te sê ek weet wie die persoon is wat gepraat het, of daardie persoon aan ERPA behoort het en of hy ŉ lid was van ERPA nie.

Ons gaan aan. Die volgende paragraaf ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Laat ons net vra. Is dit nie moontlik dat dit die voorsitter was wat die onderhoud gevoer het nie? -- Ek weet

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie, want ek het dit nog nie gehoor nie.

MNR. JACOBS : Ons gaan aan na die volgende toe. "The Ratepayers Association also said they were campaigning to boycott the local authorities' election." Stem u saam dat die segsman van ERPA het hierso baie meer geweet en gesê as wat jy vir die Hof te kenne gegee het hier, dat julle nooit oorweeg het om 'n boikot van die plaaslike besture te doen nie? -- Die segsman het niks geweet nie, want Evaton Ratepayers het nog nooit 'n "policy" gehad aangaande dit nie.

ASSESSOR (MNR. KRüGEL) : 'n Beleid? -- Ja.

MNR. JACOBS : Stem jy saam dat so 'n opname van die boikot van plaaslike besture eleksies is in ooreenstemming met die toesprake wat UDF self sê hulle het in daardie plekke gehou in daardie tydperk, dat hulle so 'n kampanje voer? -- Ek stem nie saam nie, want wat ons gedoen het daar wat eintlik betrekking gehad het op die Gemeenskapsrade het ons op ons eie besluit om te doen sonder om deur iemand anders gesê te word.

Het julle ooit besluit om 'n kampanje dan te hou teen Swart plaaslike besture op julle eie? -- Daar is baie demonstrasies wat uitgevoer was deur Evaton Ratepayers Association by die kantore van die dorpsraad van Evaton sedert die jaar 1980.

Sal jy my vraag net antwoord. Het julle in ERPA besluit om 'n kampanje te voer teen Swart plaaslike besture? -- Nee.

So, daar was nooit besluit dat so 'n kampanje gevoer moet word nie? -- Ja, dit is so.

U sien, ek wil dit aan jou ook stel dat dit wel so besluit was en dat hierdie storie van jou en ek noem dit 'n storie spesifiek dat julle wou by die UDF hulp gekry het

om/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

om julle griewe verder te voer en te kyk hoe hulle julle kan help, is eintlik net ŉ verskoning wat jy aan die Hof maak om te verduidelik hoekom julle by UDF se vergaderings uitgekom het en om jou te disassosieer met UDF beleid? -- Nee, dit is nie die waarheid nie.

Goed, kom ons kyk net ŉ bietjie verder. Die dag van die 6de toe die vergadering gehou was, wanneer het UDF se mense daar opgedaag? -- Ek kan nie so goed onthou nie, maar ek stel my voor hulle was al teenwoordig gewees toe die vergadering begin het. Dit wil sê hulle was betyds daar.

Het hulle eerste gepraat op hierdie vergadering, hulle toesprake gemaak? -- Nee, hulle was nie die eerste sprekers nie.

Wie was die eerste spreker? -- Een van Evaton Ratepayers Association, as ek reg onthou, Thomas Oliphant.

Wat het hy aan die gehoor oorgedra? -- Hy het verduidelik oor die probleme wat ondervind word met mense van Evaton sedert die oorname van die gebied deur die Administrasieraad, veral op die tydstip toe die Administrasieraad mense se huise afgebreek het.

Al hierdie getuienis wat jy hier gelewer het, het hy dit oorgedra aan die gehoor daar, oor die geskiedenis van julle stryd wat jy hier gelewer het? -- Ja, waarvan ek onthou, dit waarvan ek melding gemaak het.

So, het hy julle griewe en julle probleem volledig daar uiteengesit in die teenwoordigheid van Nkondo en Shabangu? -- Hy het nie van alles melding gemaak nie. Hy het melding gemaak van dit wat hy onthou, want daar was so baie probleme dat ŉ mens nie alles kan onthou nie.

Maar het hy wesenlik julle probleem gestel dat julle

nou/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nou kwaai gekant is teen herbeplanning? -- Ja, hy het daarvan gepraat.

Het hy gemeld dat julle kan nie satisfaksie kry by hetsy die Raad, die Administrasieraad of by die Minister nie? -- Ek kan nie onthou dat hy dit so gemeld het nie, maar ek kan wel onthou dat ek so gesê het.

Jy het so gesê? -- Ja.

Het hy gemeld dat die mense hulle vrypagreg verloor? "Free hold"? -- Ek kan nie daarvan onthou dat hy melding direk daarvan gemaak het nie, maar aangesien hy ook 'n lid was van die komitee was elke lid van die komitee daarvan bewus was, bestaan daar 'n moontlikheid dat hy ook daarvan gepraat het.

En die voorsitter Khabi, waaroor het hy gepraat? -- Hy het gepraat van die probleme van die mense van Evaton. Die eerste ding waarvan hy melding gemaak het, was om hierdie twee manne voor te stel aan die gemeenskap teenwoordig by die vergadering.

Die probleme van die gemeenskap wat hy gemeld het en aangeroer het, watter probleme het hy aangeroer?

HOF : Mnr. Jacobs, waar lei dit alles heen? Hierdie vergadering is nie eers een van die vergaderings wat ek dink wat in die akte van beskuldiging staan nie, as 'n sameswering.

MNR. JACOBS : Die vergadering is belangrik in die opsig wat die opset van hierdie mense toon, dit word deur die getuie gesê dat hulle het nooit enigsins met UDF probeer saamsweer nie. Ek wil wys ... ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Waarom moet u al hierdie goed vra? U kan vir hom sê "Sekerlik het julle daar voor almal gesê ons het moeilikheid met die herbeplanning" dan kan 'n mens aangaan na iets anders toe. Dit was tog hulle hele probleem al die tyd gewees.

Hoekom/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Hoekom moet ons so karring oor die goed, wat Oliphant daaroor gesê het, wat Khabi daaroor gesê het en wat hulle nie gesê het nie en wat die getuie daarvan onthou wat hulle gesê het? Waar kom ons?

MNR. JACOBS : Kan jy vir ons sê, jy en Khabi en die ander man het julle julle probleme daar gestel in die teenwoordigheid van Nkondo en Shabangu? --Ja, ons het.

Het hulle toe nie met julle kom bespreek julle probleme en gehoor wat kan hulle doen om te help, veral toe julle nog besluit het om by die UDF te affilieer nie? -- Hier het ons die mense genooi dat hulle vir ons moet kom sê van hulle organisasie, naamlik die UDF en nie dat ons vir hulle moet kom sê van ons probleme nie. Hulle is genooi om vir ons te kom sê van hulle organisasie.

Nou maar goed, was dit nie juis die doel gewees om hulle daar te kry omdat julle 'n probleem het nie en dat jy beoog het om hulle hulp te kry, UDF hulp te kry met julle probleem dat dit nou net daar bespreek sou word wat is julle probleem en wat kan hulle doen om te help nie? -- Nee, ons het nie die mense genooi om ons te kom help oor sekere dinge van ons organisasie nie. Ons het net die mense genooi sodat hulle vir ons kan kom sê van hulle organisasie.

Wil u nou hê die Hof moet aanvaar daardie mense hoor van hierdie groot probleme van julle en hulle bespreek dit nie met julle self nie? Hulle sê nie "Ons sien julle het 'n groot probleem. Kyk, ons sal probeer om julle te help. Ons kan dit voorstel of dat voorstel" nie? -- Ons het hulle genooi sodat hulle vir ons kan kom sê van die organisasie van hulle aan wie hulle behoort. Dit is al waarvoor ons hulle daar gehad het.

Is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Is jy seker dat dit Nkondo en Shabangu was wat julle toegespreek het van UDF en nie Gatsbi Mazwi nie? -- Mense wat toesprake gelewer het daar by hierdie vergadering was Nkondo en Shabangu, maar Mazwi was wel in hierdie twee se geselskap.

O en wie is Mazwi? Laat ons net by jou hoor dan? Het jy hom voorheen geken? -- Ek het hom nie voorheen geken nie, maar ek het dit te hore gekom en geweet dat hy die persoon is wat in die geselskap was van Nkondo en Shabangu die dag.

Van watter organisasie is hy? Is hy voorgestel daar? -- Nee.

Is hy nie voorgestel deur die UDF mense nie? -- Nee, hy het nie eers daar by die verhoog gesit nie.

U sien, ek wil jou verwys na BEWYSSTUK M2 en dit is die notule van 'n vergadering gehou op 12 November 1983 van die Algemene Raad van UDF. By hierdie vergadering is 'n sekretariële verslag ingehandig en daar in paragraaf 6.1 word gesê "The Evaton Ratepayers Association held a meeting on 6 November 1983. The meeting was addressed by Gatsbi Mazwi on behalf of the UDF. The association has decided to affiliate to the UDF." Enige kommentaar hierop? -- Ek weet niks daarvan hoe hulle die verslag gedoen het daar nie. Wat ek wel kan sê is dat ons vergadering was toegespreek deur Curtis Nkondo en Elliot Shabangu.

Is dit nie moontlik dat jy 'n fout maak omdat jy nie een van hierdie mense geken het nie en dat dit wel Gatsbi Mazwi is wat die vergadering toegespreek het? -- Nee, ek maak nie 'n fout nie. Ek het die persone gesien. Dit is die twee waarna ek verwys.

Terloops, as jy net kyk na 3.1 daarso dan sien jy

sien/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

sien dat die Vaal Civic Association "applied for membership of the UDF. The application was accepted by the council." Dit is nog weer 'n verdere bewys dat daar moet behoorlik aansoek gedoen word vir lidmaatskap van UDF? -- Wat ek weet is dat die VCA het aansoek gedoen en hulle is aanvaar. Dit is wat ek verstaan.

Dan word die aansoeke ook altyd genotuleer in die notules van die vergaderings? -- Destyds het ek nie geweet hoe die UDF dit werk as 'n mens so aansoek gedoen het nie.

Kom ons gaan na 'n volgende aspek toe. Die "Million Signature Campaign", MSC, wat ons sal noem MSC, wanneer het jy die eerste keer daarvan gehoor? -- Dit was Junie 1984 toe ek by die algemene raadsvergadering van UDF teenwoordig was.

Het julle nie voor daardie datum 'n uitnodiging gekry van die VCA om saam met hulle te werk op hierdie "million signature campaign" nie? -- Nee.

Was daar nie 'n tyd - as daar so 'n uitnodiging sou gekom het van die VCA af, sou dit by jou uitgekom het as sekretaris van ERPA om dit voor te lê aan die vergadering en dit op die agenda te plaas? -- Ja, as daar so iets was sou dit in my hande gekom het. Dit kon ook by my voorsitter uitgekom het.

Ek wil jou verwys en jou kommentaar daarop vra na 'n verslag van die Vaal Civic Association wat aan die UDF General Council gestuur is. Die verslag is gedateer 22 Februarie 1984. Dit is <u>BEWYSSTUK E19</u> dokument 2 daarvan. Dit is 'n geskrewe, handgeskrewe stuk. "The VCA invited the Evaton Ratepayers Association to a meeting as an affiliate of UDF to discuss our local demand for the million



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

signature campaign. These people have not responded to our request even after we went to see the chair person on two occasions. He has not been clear in his explanation."
So, voor hierdie datum van 22 Februarie 1984 was daarso kontak gemaak deur VCA met julle om die MSC kampanje saam aan te pak? -- Nee.

In hierdie skrywe word dit ook spesifiek gemeld dat op daardie stadium was julle 'n geaffilieerde by die UDF. So was julle bekend by die ander geaffilieerdes? -- Dit is wat hierdie persoon sê. Die oorsprong daarvan is nie ons s'n nie.

Kan u sê hoekom julle nie op hierdie stadium gereageer het op hierdie versoek van die VCA dat julle saam werk in hierdie kampanje nie? -- In die eerste plek was ons nog nie genader oor hierdie aangeleentheid deur VCA nie en tweedens ek as 'n sekretaris het nog nie by die voorsitter van VCA McCamel uitgekom waar ons hierdie dinge bespreek het nie.

Maar die versoek was tot julle gerig dat julle met hulle moet saam werk op hierdie kampanje? -- Daar is nie so iets nie. Hulle het dit nie gedoen nie.

K586 Op 'n later stadium het julle toe wel so besluit om saam te werk. Is dit reg? -- Ja, daar is dinge waarmee ons met hulle saam gewerk het.

Onder andere met die "million signature" kampanje? -- Ja, dit is so.

Toe jy saam met die manne van VCA na die vergadering van 30 Junie 1984 gery het, het julle dit volledig bespreek dat julle gaan nou saam werk, jy met die afgevaardigdes van VCA? -- Nee.

Wat het julle bespreek? -- Daar was eintlik nie 'n

bespreking/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

bespreking uitgevoer nie. Op pad terug vanaf die vergadering het ons toe gepraat oor wat ons daar gehoor het. Die "million signature campaign" is gemeld omdat hulle gesê het dat hulle alreeds daarmee besig was na ek daarvan gehoor het by die vergadering.

Het jy vir hulle gevra wat dit is? -- Ek het nie gevra wat dit is nie. Al wat ek gesê het is dat dit kan miskien nodig wees om saam met hulle te werk om dit uit te voer. Dit wil sê dat ons 'n gesprek moet uitvoer aangaande die bekombaarheid van die handtekening vir hierdie doel.

Het jy geweet waaroor die kampanje gaan? -- Al waarvan ek geweet het was dat dit 'n "million signature campaign" was, soos dit daar uiteengesit word. Verder dit wat daar gesê was by die algemene raadsvergadering het ek van geweet.

Het jy 'n skrywe ontvang op 14 Junie 1984 van UDF Transvaal, BEWYSSTUK AS4? Kyk net na hierdie dokument? -- Ja, dit was by my gevind.

En die dokument was deur UDF aan jou gestuur? -- Nee, ek is nie seker nie. Dit kan wees dat ek dit gekry het by die VCA toe ons besig was met die uitvoering van die "million signature campaign" in Julie 1984. Ek kan nie sê of ek dit direk van die UDF gekry het nie.

Kyk, UDF het - jy het gesê jy het twee stelle notules van vergaderings, 30 Junie 1984 en ook weer 14 Julie 1984, ontvang? -- Ja, ek het dit ontvang.

Waar het hulle jou adres gekry? -- Ek weet nie, maar ek moes vir hulle die adres gegee het as hulle weet.

En hierdie ding is op 14 Junie uitgestuur en is kennis gegee van die vergadering op 30 Junie 1984? -- Ek sê dit is nie 'n ding wat ek direk van UDF af gekry het nie.

Dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Dit moet 'n dokument wees wat ek gekry het van VCA toe ons besig was met die handtekeninge van die "million signature campaign".

Hoekom sou hulle nou hulle kennisgewing aan jou gegee het, want dit is 'n sirkulêre van UDF waarin hulle kennis gee van die volgende vergadering van 30 Junie 1984? Hoekom moet hulle kennis aan jou gee? -- Die rede daarvoor is dat daar baie dokumente was wat gebruik word tydens die verkryging van die "million signature campaign". Dokumente wat gegee was aan mense om te lees in die bekombaarheid van die handtekeninge wat op die dokument is. Dit was op daardie manier dat ek hierdie dokumente van die "million signature campaign" gekry het in my besit. Dit is omdat ons met die mense daar gewerk het.

Ek wil dit aan jou stel dat julle was lank voor 30 Junie 1984 reeds lid van UDF, reeds geaffilieer met UDF. Ek stel dit aan jou vir die volgende redes. Dat jy nie heeltemal eerlik is met die Hof nie, want op 6 November 1983 is besluit om te affilieer met die UDF? Daarna het 'n segsman van ERPA wat ek aan jou gesuggereer het jy self was verklaar aan 'n verteenwoordiger van Speak dat julle bedank by die Raad en aangesluit het UDF? Dit was in Januarie 1984. -- Dit is nie die waarheid nie.

En dan verder dat die VCA het alreeds in Februarie 1984 julle genader as 'n mede-geaffilieerde van UDF wat bekend was as 'n mede-geaffilieerde van UDF? -- Dit is nie die waarheid nie.

Die volgende is dat op die vergadering van 30 Junie 1984 toe jy 'n algemene raadsvergadering bygewoon het, is daar ook nie formeel aansoek gedoen namens julle om

toelatingskap/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

toelatingskap of affiliasie nie, maar het jy jou plek ingeneem as ŉ volle affiliaat? -- Dit is nie die waarheid nie. Toe ek daar op 30 Junie ingekom het, was dit my eerste keer wat ek daar opgedaag het by die algemene raadsvergadering van die UDF.

En dan die verdere punt is dat op 14 Junie 1984 was ŉ kennisgewing aan jou gestuur wat in jou besit gekry was van die vergadering van 30 Junie na jou adres toe? -- Nee, dit is nie so nie.

En dan wat meer is, dat die notules van twee vergaderings was ook aan jou gestuur en het uitgekom by ŉ adres wat jy moes verskaf het? -- Ek het wel my adres vir hulle gegee, maar dit sal wees na ek 30 Junie se vergadering bygewoon het, op die tydstip wat ek die vergadering bygewoon het.

Jy sien, ek het verlede Vrydag vir jou baie lank daaroor gevra dat ek probeer vasstel het en jy kon nooit vir ons sê dat jy jou adres vir hulle gegee het nie. Verander jy nou daardie getuienis? -- Ek sê ek moes aan hulle my adres gegee het na die bywoning van die algemene raadsvergadering wat op 30 Junie gehou was.

Hoekom sê jy jy moes dit vir hulle gegee het? -- Ek sê ek het dit vir hulle gegee na dit.

En ek wil dit aan jou stel dat al die tyd was die notules en die verslae van UDF se algemene vergaderings aan jou gestuur as ŉ geaffilieerde voor 30 Junie al? -- Dit is nie die waarheid nie.

En ek wil dit aan jou stel ook dat <u>BEWYSSTUK O1</u> die notule van ŉ algemene vergadering wat gehou was op 14 Januarie 1984 aan jou gestuur was tesame met <u>O6</u> wat ŉ uiteensetting

gee/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gee van die "million signature campaign". As jy O6 'n bietjie voor jou hou, sal ek daarmee handel. Het u die dokument al voorheen gesien? -- Ek weet nie of ek al hierdie dokument vantevore gesien het nie. Miskien dalk op die stadium wat ons besig was om die "million signature campaign" uit te voer.

Ken jy die inhoud van hierdie dokument? -- Nee, ek ken nie die inhoud hiervan nie, behalwe dat dit miskien verduidelik oor wat die "million signature campaign" is.

Kan ons net die eerste deel behandel. "The content of the signature form can be summarised as follows. Rejection of the constitution act, rejection of the Koornhof laws, support for the United Democratic Front, and commitments to the creation of a non-racial democratic South Africa." Is dit die doelstellings van hierdie kampanje? -- Al manier hoe ek dit verstaan het was dat dit 'n kampanje was wat net "million signatures" gesoek het.

Het jy dan nooit hierdie punte 1, 2, 3 en 4 gelees nie? -- Ek het dit gelees, maar nie bestudeer nie.

Waar het jy dit gelees? -- Nou terwyl ek in hierdie saak betrokke is.

Is dit die eerste keer wat jy daardie vier punte gelees het? -- Wat ek sê in die stadium wat ons besig was met die uitvoering van die kampanje met die handtekeninge daar, het ek dokumente gesien. Ek weet dus nie of ek dit daar gelees het al dan nie.

Julle het tog besluit om hierdie kampanje te gaan voer, doelbewus te voer. Hierdie dokument wat die UDF tot u beskikking gestel het oor hierdie "million signature campaign" het jy dit nie bestudeer en gelees om te sien wat is die

doel/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

doel daarvan nie? -- Dit kan wees dat dit wel so uitgereik was.

En dit is spesifiek so, dit is nie soos wat jy vir die Hof te kenne wil gee dat dit net gegaan het oor om ŉ miljoen handtekeninge te kry nie, maar dit was onder andere oor ŉ ander regeringstelsel wat in die land bewerkstellig moet word. Dit was een van die doelstellings? -- Hoekom sê u dit?

Daar staan dit dan "Commitments to the creation of a non-racial democratic South Africa." -- Ja, dit was een van die verwagtinge van hierdie kampanje dat daar so iets moet bestaan.

Dit is reg. Dat julle moet werk om dit te weeg te bring? -- Dit was om net die "million signatres" te bekom. Dit is al wat ons gedoen het.

En verder was daar dat julle doel van die kampanje was dat julle moes UD gepopulariseer het onder die mense? -- Nee, daar bestaan nie so iets nie. Ek was nog nooit gesê om UDF te populariseer nie.

Hier staan dit punt 3 dan. Hoe kan jy vir my sê dit is nie so nie, want daar staan dit dan op swart en wit? -- Ek lees daar "support". Ek lees nie "popularise" nie.

Wat is "support"? Moet julle nie "support" opbou vir die UDF in die (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MR BIZOS : With the greatest respect. The prosecutor interprets words and then cross-examine on the basis that his interpretation is correct.- We have had two examples. "Commitments to the creation of a non-racial democratic South Africa" become another form of government. Similarly "Support for the UDF" becomes popularisation of the UDF. Having regard to the fact that these concepts have been

transposed/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

transposed and given a meaning in the indictment, does not mean when documents are put to the witness that they have to be in the manner in which they are set out in the indictment. I would appeal to My Learned Friend, through Your Lordship, to use the words of the document, because we are building up what are supposed to be contradictions or "afwykings" as he puts to witnesses as a result of this habit interpreting and placing a slight new answer at times. Sometimes a contradictory aspect of the words used in the document.

COURT : Well, according to you, is he not entitled to say well, in view of the fact that the introduction stands for the rejection of the constitution act - not the constitution bill, but the constitution - and a commitment to a creation of a non-racial democratic South Africa, would this not entail a new government?

MR BIZOS : It may or may not, but this is not what the document says.

COURT : But is he not entitled to cross-examine on that basis?

MR BIZOS : What I am saying is when a document is being put to a witness and the authors of the document have chosen certain words, it is fair to put to the witness the words of the document and not an interpretation. The second example - I agree fully with Your Lordship and this is why I thought and did not rise on the first issue, because if you do have a non-racial democratic South Africa, probably we would have a different government, but to support the UDF becomes to popularise the UDF. A crowd or a group of people becomes "'n klomp" and mass meeting becomes "Swartmassas"

and/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

and I would appeal to My Learned Friend to confine himself to the words that the authors have used.

MNR. JACOBS : Met My Geleerde Vriend se beswaar skep hy die indruk dat die Staat nie billik opgetree het nie, uit die pad uitgaan om eintlik die woorde te lees wat in die dokumente is juis om hierdie tipe van beskuldigings te vermy. My submissie dat die indruk wat die verdediging skep is nie 'n korrekte indruk nie en met "support" wat ek hier gelees het kan dit baie maklik beteken, ek meen 'n afleiding wat 'n mens hieruit kan maak is om dit te populariseer. Jy moet steun verwerf vir 'n organisasie onder die massas.

HOF : Wel, mnr. Bizos en die getuie verskil van u. Die getuie is ek in elk geval meer geïnteresseerd in as in mnr. Bizos. Hy verskil van u. Nou kan u van daar af vorentoe gaan.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

MORAKE PETRUS MOKOENA, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Mokoena, is dit reg dat die doel van hierdie kampanje was dan om ondersteuning vir die UDF te kry? -- Ja, dit is so.

En dan ook die verwerping van die Koornhof wette, was ook een van die doelstellings? -- Ja, dit is so.

En ook die verwerping van die konstitusie? -- Ja, dit is so.

En moes julle met die bedryf van hierdie kampanje hierdie aspekte voor oë hou en dit nastreef terwyl julle onder die mense die handtekeninge kollekteer? -- Ons het die persone die dokumente laat lees. Nadat die persoon die inhoud van die dokument gelees het, dan sal daardie persoon besluit

of/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

of hy of sy nou teen die apartheid was en indien wel, sal daardie persoon dan besluit om te teken, nie soos dit nou gestel word deur u nie.

HOF : Het u 'n voorbeeld van die dokument daar? Dit is êrens in die stukke, maar ek kan my hand nie nou daarop plaas nie. As u dit nie vinnig kan doen nie, moet asseblief nie, want dit mors te veel tyd.

MR TIP : My Lord, I have got one. It is AS1. That is the actual signature form.

MNR. JACOBS : U Edele, dit is nou nie die volledige vorm nie. -- Ek wil nie mis verstaan word nie.

COURT : Not AS1. You have got the wrong one I think.

MR TIP : It is part of AS1. -- Ek wil nie mis verstaan word nie. As ek praat van 'n dokument wat aan die persoon getoon was, praat ek van die vorm. Nie 'n dokument wat apart is van die vorm, byvoorbeeld soos hierdie een voor my nie. Dit is die vorm wat ons aan die persoon getoon het.

HOF : Blaai net 'n bietjie verder. Dit is AS1 ek dink die tweede of derde dokument. Is dit die vorm wat voorgelê is vir die persoon om te teken? -- Dit is die vorm wat ons voorgelê het aan die mense om te lees sodat hulle kan sien waarvoor hulle teken.

MNR. JACOBS : Toe jy aan jou komitee ERPA verslag gedoen het na die 30ste se vergadering en na jy met die VCA mense gepraat het, het jy hulle attent gemaak op hierdie aspekte wat die doel is van hierdie kampanje? -- Wat nou? Oor wat?

Hierdie vier aspekte wat ek met jou behandel het? -- Nee, ek het nie.

Goed, ons gaan na die volgende aspek toe. Die volgende paragraaf daar "In addition to the above basic wording

an/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

an organisation or area may add one additional demand. This additional demand makes it possible for the campaign to be linked to local struggles." Is dit deur julle bespreek, jy en die mense van VCA toe julle gery het vanaf Johannesburg terug na die Vaal toe? -- Nee.

Is daar nie bespreek dat julle kan op die vorm julle een enkele eis daarso invul nie? -- Ons het dit nie bespreek nie. Al wat ons van gepraat het wat in die gedagte was was die uitvoering van die "million signature campaign" om die teiken te bereik.

Het jy nooit geweet dat daar so ŉ voorsiening was dat julle ŉ eis kan invul op die vorm self nie? -- Nee.

Wanneer is die eerste keer wat jy daarvan hoor? -- Ek sal nie presies weet wanneer dit was nie, maar ek het dit toe later geweet. Ek sal sê na ek die dokumente deurgelees het wat in my besit was of die dokumente wat daar was. Toe het ek eers geweet dat dit so is.

O, jy het dit darem geweet voorheen? -- Nee, nie voorheen nie.

<u>HOF</u> : Laat ons nou nie verwarring hieroor nie. U sê u het dit op ŉ stadium geweet. Op watter stadium is dit wat u dit geweet het? -- Dit is na die dag van die miljoen handtekeninge wat ons daar geneem het.

Toe het u wat geweet? -- Dat ŉ persoon ŉ eis ook daar kan noem op hierdie miljoen handtekeninge se vorm, wat jou eis is van die omgewing of wyk waarvandaan jy kom met jou organisasie.

<u>MNR. JACOBS</u> : Watter dag sê jy het jy dit gehoor? -- Dit is na die goed in my hande gekom het. Dit wil sê na die uitvoering van die miljoen handtekeninge wat bekom was.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Nee, maar laat ons net duidelikheid kry. Die miljoen handtekeninge is in elk geval nooit bekom nie. Het u op 'n stadium gaan sit en die kampanje bevorder? Met ander woorde by 'n tafel gesit en mense gevra om te teken? -- Ja, dit is reg.

Het u toe al geweet dat u 'n plaaslike eis daar kan instel? -- Nee.

Nou wanneer het u dit dan wel uitgevind? -- Soos ek al vroeër gesê het, ons het nie die dokumente gehad wat betrekking gehad het op hierdie handtekeninge nie. Dit is die "million signature campaign", maar eers na die dag wat ons uit was om die handtekeninge te kry, het ek toe in besit gekom van hierdie dokumente, byvoorbeeld 'n dokument soortgelyk aan hierdie een BEWYSSTUK O6 en dit is terwyl ek nou in besit van hierdie tipe dokumente was na daardie dag van die handtekeninge, dat ek dit geweet het as gevolg van die feit dat ek die inhoud daarvan gelees het.

MNR. JACOBS : Die volgende punt is die "objectives" van hierdie kampanje. "Education and awareness. Although a campaign to educate people about the constitution act, Koornhof laws, the UDF, has started in 1983, the signature campaign would ensure that people's awareness is further enriched. This is because there would be direct contact between the activist and the person signing. Thus the campaign would ensure that at least one million people would be spoken to directly about the issues." Het jy in die bespreking met Esau en sy maats op pad terug, oor hierdie aspek gepraat dat daar direk met die mense gepraat sal word in die kampanje en direk oor knelpunte, "issues"? -- Nee.

Ons gaan na die volgende een. "Ideological. The

number/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

number of signatures that are collected would indicate concretely the widespread rejection of Botha's plans. It would also show that the UDF's support is active and widespread." Het jy geweet van hierdie doelstelling van die kampanje? Was dit aan jou oorgedra? -- Ons het niks bespreek wat in hierdie dokument bevat word op pad terug vanaf die algemene raadsvergadering wat ons bygewoon het nie.

Ook nie die kwessie wat daar bespreek word op bladsy 2 onder organisasie nie? -- Niks wat bevat word in hierdie dokument nie, want hierdie dokument was nie daar gewees nie, want ons het dus niks bespreek wat in hierdie dokument bevat word nie.

Julle het selfs nie eers bespreek punt 2 daar onder onder "training" nie "house to house visits"? -- Nooit.

Jy het nie eers geweet dat die "objective of education heightening awareness and organising, should be uppermost in the minds whenever speaking to people"? -- Nee, ons het nie daarvan gepraat nie.

Jy sê jy het gaan rapporteer aan jou komitee nadat jy met Esau en beskuldigde nr. 17 gepraat het op pad terug. Is dit reg? -- Ja, dit is reg.

Wat het jy gerapporteer aan jou komitee? -- Ek het die volgende daar gerapporteer dat met my aankoms by die algemene raadsvergadering het ek gevind dat hulle besig was met twee kampanjes, naamlik die "million signature campaign" en hierdie nuwe "Anti-election campaign". Ek het toe verder gerapporteer dat op pad terug het ek verneem dat VCA alreeds besig was met die uitvoering an die MSC kampanje.

Wat het jy nou vir hulle gesê? Wat het jy aanbeveel by hulle? -- Na aanleiding van die verslag wat ek aan my

komitee/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

komitee gedoen het, was dit toe besluit deur die komitee daar dat VCA se mense genooi sal word met die oog daarop om saam te werk om hierdie handtekeninge te bekom. Dit wil sê saam te werk met die VCA.

Maar hoe het jy hulle oorreed? Wat het jy aan hulle gestel hoe moet hulle hierdie handtekeninge kampanje opneem? -- Ek het niks aan hulle verduidelik wat hulle kon oorreed het om dit te aanvar nie. Wat ons wel oor ooreen gekom het was die uitnodiging van VCA se mense. Dit is die persone wat dan verduidelikings gemaak het aan my komitee aangaande hierdie handtekeninge.

Toe jy dit nou aanbeveel het, het jy gesê dat daar enige voordele vir julle sou wees of wat se voordele daar is? -- Ek het niks spesifiek by hulle aanbeveel nie. Ek as 'n persoon het gevoel na aanleiding van wat aan my verduidelik was dat die "million signature campaign", die MSC is teen apartheid en ons daar in Evaton is bemoeid met probleme wat veroorsaak word deur apartheid. Dit sal ons miskien reg help indien ons dit uitvoer, dit wil sê die uitvoering van die MSC, om ons probleme op te los.

Maar het jy dan geweet in watter opsig dat hierdie kampanje teen apartheid is? -- Wat ek wel van geweet het was enige persoon wat teen apartheid is sal sy of haar naam getoon word deur te teken.

Maar ek verstaan nou nie. Al wat jy vir ons vertel het wat jy geweet het van hierdie kampanje, ek het probeer vasstel, is dat dit is 'n kampanje om 'n miljoen handtekeninge te kry? -- Om 'n aanduiding te gee teen apartheid.

Het die Raad toe gereël dat die VCA moet die Raad kom sien? Nie die Raad nie, die komitee van ERPA? Is dit



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gereël daar dat VCA se mense moet hulle kom sien daar? -- Ja, ons het bymekaar gekom.

Nee, ek vra nie of julle bymekaar gekom het nie. Ek vra was dit die reëling dat hulle die komitee van ERPA sal moet kom sien? -- Wat gebeur het is die volgende. Na die vergadering aangaande die "protest" teen die fees van Rabotape was daar toe 'n "joint committee" gestig tussen VCA en die Ratepayers Association.

Jy hardloop my ver vooruit. Ek vra vir jou op hierdie vergadering waar jy verslag gedoen het, was daar 'n besluit geneem dat VCA die komitee van ERPA sou kom toespreek en meer inligting gee oor hierdie kampanje? -- Ja.

En wanneer moes hulle dan die komitee van ERPA ontmoet om hulle in te lig oor die MSC kampanje? MS kampanje. -- Omtrent twee weke in Juliemaand het ons bymekaar gekom.

Was dit die hele komitee van ERPA gewees wat toe daar versamel het? -- Nie almal teenwoordig nie. Daar was van hulle wat afwesig was.

Jy sien, ek probeer vasstel van jou wat was jou komitee se besluit daaroor gewees, oor hierdie samewerking, want jy het vir ons gesê hulle het gesê daardie mense moet kom verslag doen, hulle moet vir julle kom inlig? -- By hierdie vergadering het VCA se mense toe die komitee van Evaton Ratepayers Association kom spreek en daar was toe besluit by hierdie vergadering dat die komitee wat gestig was na aanleiding van die protes van die fees wat gehou sou word, dit werk sal moet uitvoer. Dit wil sê sal moet voortgaan met die kampanje van die "million signature."

Is dit nou op die vergadering toe VCA vir julle mense van ERPA kom inlig het hoe dat die "million signature"

kampanje/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

kampanje werk? -- Ja.

Wie het die verslag kom doen daarso aan ERPA? -- Ek sal nie spesifiek kan sê wie dit genoem het nie, maar wat wel gesê was daar was dat die "million signature campaign" is teen die apartheid en die mense van die VCA wat dit oorgedra het by ons vergadering was die volgende. Beskuldigde nr. 17, Esau, Edith Lethlake, beskuldigde nr. 7 en Edward Motubatsi, Sefako Mokoena. Dit is al mense wat ek kan onthou van die VCA wat by daardie vergadering was.

Was beskuldigde nr. 9 nie ook daar nie? -- Nee, hy was nie.

Wie het die mense gaan nooi? Wie het na VCA mense toe gegaan en vir hulle gaan sê hulle moet na daardie vergadering toe kom? -- Ek kan nie meer onthou nie, want dit het lank gelede gebeur.

Was dit nie jy gewees nie, want jy was mos die man wat met hulle reeds kontak gemaak het? -- Ek kan nie onthou nie.

Op hierdie vergadering het VCA se mense daar gekom? Het hulle die dokumente saamgebring? -- Hulle het nie die dokumente saamgebring nie.

Was dit dan nie spesiaal jou komitee se versoek dat hulle kom en die dokumente bring want hulle is die mense wat daaroor beskik nie? -- Ons het nie versoek dat hulle die dokumente moet bring nie. Ons het hulle net versoek om aan ons te kom verduidelik oor hierdie kampanje.

Is jy seker daarvan julle het dit nie versoek dat hulle die dokumente bring, want hulle is die mense wat daaroor beskik nie? -- Ons het nie vir hulle gevra om die dokumente te bring nie. Ons het eintlik nie gevra vir enige dokument nie,



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

want ons het nie eers kennis daarvan gedra dat daar dokumente was nie.

Het Esau-hulle ook nie vir jou gesê hulle beskik oor die vorms en die dokumente wat oor hierdie ding handel nie? -- Nee, hulle het dit nie gesê nie.

Hoe sou julle hierdie kampanje bedryf het sonder die vorms waarop julle die handtekeninge moes neem? -- Wat die vorms betref het ek hier in hierdie hof gesê dat Esau aan my op pad vanaf die algemene raadsvergadering van die UDF gesê het dat hulle die vorms besit en tweedens, soos ŉ mens wat nou dink daaraan, hier praat ŉ man van ŉ "campaign" en dit het te doene met die handtekening. Dit wil sê dit is logies, daar moet iets wees waarop die mense moet teken.

Ek stel dit aan jou en ek stel dit op my geheue jy het getuig en ek dink jy het nou-nou nog die aanmerking hier gemaak - ek sal vir jou lees. Ek het dit nou gekry in volume 186 bladsy 9 693 van die oorkonde van die getuienis, van jou getuienis. Ek sal op die vorige bladsy begin lees om vir jou die hele ding te gee sodat jy nie dink ek mislei jou nie. "It was made clear to me by the people from the VCA that they as a council there and a organisation are already in possession of the necessary forms to be used for the million signature campaign, which meant therefore that they are busy on that. On my arrival at my place that is at my association's committee, the Ratepayers Committee, I reported back that what was happening at this meeting and made mention of my experience and what I acquired (dit moet seker that wees) information from the VCA people. As a result of my report back to the committee of the Ratepayers Association it was decided by the committee

to/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

to invite the VCA people to bring along their forms they are using for the million signature campaign so that we use the same forms which they had in their possession to campaign for the signatures." Nou net het jy vir die Hof gesê hulle was nie versoek gewees nie. Wat is nou die waarheid? -- Wat ek in gedagte gehad het daar was die volgende. Dit wil sê toe ons nou besluit het om die mense van die VCA te nooi en toe melding gemaak was van hierdie dokumente wat hulle alreeds besit. Ek het bedoel dat hulle by ons sal moet kom en dan sal ons ooreenkom dat ons nou gaan saamwerk as een eenheid en gebruik maak van die vorms wat hulle alreeds gesê het hulle by hulle het. Dit sal ons saam gebruik as 'n eenheid. Nie dat hulle spesifiek vorms vir ons moet bring nie.

So, dan is jy verkeerd in jou getuienis waar jy sê "It was decided by the committee to invite the VCA people to bring along their forms they are using"? -- Daar is niks verkeerd daarmee nie. Die gedagte daar was dat my komitee nou besluit het dat ons gaan saam werk met die VCA in die uitvoering van hierdie kampanje en as ons miskien apart sou gaan werk het, sou ons dan alleen gevra het dat hulle vir ons die vorms moet voorsien, maar in hierdie geval gaan ons werk as 'n eenheid saam met hulle. So, dit was dus nie vir ons nodig om te vra vir vorms, dat hulle dit vir ons moet kom bring in die sin dat hulle vir ons moet kom aflewer nie.

Jy het nooit so 'n verduideliking vir die Hof gegee in jou getuienis-in-hoof nie. Stem jy saam? -- Die rede daarvoor is, dit was 'n bekende feit dat ons saam gewerk het met VCA se mense teen hierdie fees van Rabotape. Daar bestaan reeds mense tussen ons en hulle wat dit uitgevoer het. Met die

gevolg/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gevolg al wat ons daar bedoel het was dat hulle net die vorms saam sal bring dat die werk dan uitgevoer word soos dit al-reeds uitgevoer was tussen die twee organisasies ten opsigte van die fees van Rabotape.

Is dit nie so dat jy kon hulle eintlik baie min inligting gee oor hierdie kampanje en daarom wou jou komitee eintlik meer inligting bekom het en daarom is daar 'n uitnodiging gerig aan VCA se mense nie, om julle te kom inlig wat die kampanje is, vir hulle te wys watter vorms dit is? -- Al was my kennis maar baie min oor hierdie kampanje, bly die feit staan dat dit volledig verduidelik was aan my komitee deur die mense van VCA waar ons bymekaar was.

As ek reg onthou was dit nie jou komitee wat bymekaar was wat saam met die mense van VCA was nie, maar net drie mense van jou komitee? -- Dit is my komitee, want die mense wat daar was, is lede van my komitee en die besluite daar geneem met my komiteelede se goedkeuring bind die hele komitee.

So, kan drie lede van die komitee die hele komitee nou gaan bind? -- Ja in hierdie geval het ons so gewerk.

Het jou komitee, toe jy verslag gedoen het, die volle komitee, julle volmag gegee om net drie te gaan en daarso te gaan besluit namens die komitee? -- Ons was lede van die komitee wat teenwoordig was daar.

En wat afgevaardig was daarheen? -- Ons was nie daar gewees as verteenwoordigers van my komitee nie. Ons was daar gewees om sekere pligte uit te voer wat deur my komitee uitgevoer moes gewees het in hierdie komitee wat dan die werk daar uitgevoer het.

Watter pligte moes julle uitvoer? Wat was julle

opdrag/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

opdrag? -- Toe dit besluit was deur my komitee na die verslag wat ek gedoen het, was die volgende gesê. Dat ons bymekaar moet kom met mense van die VCA en daar waar ons bymekaar gaan kom, sal ons maar sien wat ons kan doen aangaande die "million signature campaign", dit wil sê deelneem daaraan, wat ons besluit het deur ons toegesien sal word.

Wat het jou komitee op daardie stadium besluit wie is die "ons" wat dit sal moet doen? -- Ons, toe hulle die woord "ons" gebruik het, het hulle verwys na die mense wat deelgeneem het aan die "joint committee" wat opgetree het teen Rabotape se fees wat gehou sou gewees het.

Gee vir ons die name? Ons kan nie so in die lug praat dat ons nie weet na wie u verwys nie? Ons was nie daar gewees nie, asseblief. -- Ekself, Khabi, Oliphant, Khubeka, maar met betrekking tot die "million signature campaign" blyk dit vir my of Khabi nie daar by was nie.

Het ek dit dan korrek dat jy sê dit is twee weke nadat hierdie ERPA komitee vergader het, dat julle die VCA mense ontmoet het? -- Ek sê dit is gedurende hierdie tydperk van twee weke, dit wil sê van die begin van Juliemaand.

Jy het nou-nou hierso gepraat van 'n interim komitee wat gekies was. Wie is die interim komitee? Dit het jy genoem in verband met daardie vorige protes by die fees?

HOF : Is dit 'n interim komitee of 'n "joint committee"? Ek dink dit is 'n gesamentlike komitee waarvan hy gepraat het. Ek is nie seker nie. Vra maar die getuie weer. -- "Joint committee."

MNR. JACOBS : Wie was die "joint committee" dan wat gekies was? -- Dit is die mense wie se name ek nou net genoem het.

Kyk, is daar nie ook so 'n "joint" komitee tussen VCA



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

se mense en ERPA gekies bestaande uit jou as die voorsitter nie? -- Nee, daar bestaan nie so iets nie.

Esau was vise-voorsitter? -- Nee.

Op hierdie gesamentlike vergadering tussen VCA en ERPA wat nou plaasgevind het oor die "million signature campaign" het VCA toe hulle vorms gebring soos julle versoek het? -- Ek weet nie van watter vergadering praat u nie, want ek het al vroeër gesê die mense van VCA het geen vorms saamgebring die dag nie. Van watter vorms praat u? By watter geleentheid?

Was dit nie die versoek van julle dan gewees hulle moet julle kom ontmoet, ŉ gesamentlike vergadering hou en hulle moet hulle vorms bring nie? -- Die storie van die vorms kom net hierby. Ons het besluit dat aangesien ons nou nie vorms het nie, in uitvoering van hierdie kampanje gaan ons VCA se vorms gebruik omdat hulle die vorms het.

Toe julle nou gesamentlik vergader, wou julle nie weet hoe lyk hierdie vorms dat julle kan sien wat moet julle doen, hoe die dinge gehanteer moet word nie? Was julle nie geïnteresseerd eers daarin gewees nie? -- Ons het nie so ŉ versoek gerig dat hulle dit vir ons moet toon nie.

Het hulle nie self die vorms gebring nie? -- Nee, daar was nie vorms gewees nie.

En die keer wat jy daardie vorm wat soortgelyk is aan BEWYSSTUK O6 gelees het, was dit op een van die vorms wat gebruik was vir die kampanje, vir die handtekeninge, om die handtekeninge op te kry? Was dit ŉ deel van dié vorm? -- Ja, dit was tussen die klomp dokumente wat daar was tydens die handtekeninge daar.

En was daardie - het jy dit net gelees op ŉ vorm

wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

wat die handtekeninge opgehad het en is dit toe ook weer weggeneem? -- Watter dokument was nou weer weggeneem? Ek verstaan nou nie.

Die een met handtekening op of waarop handtekeninge geneem was, die eenheid wat gebruik is vir die handtekening kampanje? -- Die volgende was die prosedure wat gevolg was daar. Die vorm was voorgelê aan ŉ persoon om te lees wat die inhoud van die vorm is heel bo. Na die persoon dit gelees het en die persoon voel nou dat hy of sy dit wil teken, sal die persoon dit teken. Tot tyd en wyl die vorm vol geteken is, sal dit daar gelaat word en na dit vol geteken is, skuif ons dit eenkant toe en dan vat ons ŉ ander vorm vir die ander mense wat nog spasie het vir handtekeninge.

Miskien kan ons dit makliker doen. BEWYSSTUK AS1 is ŉ dokument wat in jou besit gekry is. Is dit reg? -- Dit is reg.

Blykbaar is dit ŉ eenheid, voor is daar ŉ gedrukte deel of ŉ getikte deel en dan kry ons ŉ tweede deel waar daar op staan waar daar mense kan teken. Dit is ŉ tweede dokument. Het dit een eenheid gevorm hierdie twee saam of nie?

HOF : Sê u dat dokumente AS1 en AS2 is albei gevind by die getuie?

MNR. JACOBS : By die getuie. -- Waar is AS2?

HOF : Nee, nee, AS1 bestaan uit twee dokumente. Die een dokument is die getikte vorm en die tweede dokument is die handtekeningvorm waarop mense moet teken. Bo-op staan "one million" in hand. Altwee die dokumente is by u gevind. Dit is die stelling? -- Ja.

MNR. JACOBS : Kan jy vir ons sê is hierdie twee dokumente ŉ eenheid soos hy gebruik was die dag toe julle handtekeninge

versamel/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

versamel het met vooraf hierdie gedrukte deel en dan agter aan hierdie tweede bladsy waar die mense dan teken? -- Wat ek aan u kan sê is dat AS1, dit wil sê item een was apart gewees. Dit het geen aanhangsel gehad op die stadium van die handtekeninge nie.

HOF : Nie item een nie, dokument een? -- Dokument een.

Is dit dus twee heeltemal los dokumente? -- Ja, dit was twee los dokumente gewees. Eintlik was ek nie eers bewus dat die tweede dokumente waarna verwys was ook daar was nie.

MNR. JACOBS : Op hierdie gesamentlike vergadering was dit bespreek hoe dat julle te werk sal gaan en wat julle wil bereik met hierdie kampanje? -- Die doel daarvan was dat ons moet voortgaan om die handtekeninge te kry tot ons ŉ miljoen handtekeninge gekry het. Dit is hoe ons besluit het dat ons sal voortgaan met hierdie handtekeninge.

Die mense van VCA wat nou al so lankal met die ding besig is, het hulle nie vir julle gesê hoe belangrik dit is vir propaganda-doeleindes dat die mense wat daardie handtekeninge versamel UDF moet populariseer nie? Die skepping van ŉ nie-rasistiese demokratiese Suid-Afrika moet bevorder nie? Dit aan die mense oordra en hulle politiseer nie? -- Nee, dit was nie aan ons so verduidelik nie.

As ek dan jou getuienis reg verstaan dat het hulle vir julle niks verduidelik daar oor hoe dat hierdie kampanje werk nie? -- Nee, maar dit is duidelik hoe hierdie kampanje werk. Jy gaan na ŉ persoon toe en die persoon skryf die naam daar open dit is hoe dit werk.

Maar hulle het nie die vorm daar gehad nie. Dus my stelling aan jou is, jy het my nie geantwoord nie, hulle het eintlik vir julle niks verduidelik op hierdie gesamentlike

vergadering/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vergadering nie? -- By die algemene raadsvergadering van UDF was dit bekend gemaak en verduidelik waaroor hierdie kampanje is. Vir ons om bymekaar te kom met VCA was net om 'n manier te kry hoe ons dit saam kan uitvoer.

So, aan jou komitee was daar nooit daar opdrag gegee dat VCA moet nou kom met vorms en vir julle verduidelik nie. Dit is sommer net 'n storie? -- Toe die vorms gebring was, was dit gebring met die oog daarop dat ons dit saam gebruik daar, dat die mense dit daar teken.

En verstaan ek dan ook korrek dat eintlik het die volle komitee van ERPA al klaar besluit om die kampanje te bedryf, maar net dat julle ander wat daar sou met VCA ontmoet van hoe dat julle dit gaan bedryf? -- Op watter tydstip besluit?

HOF : Die stelling is die volle komitee van ERPA het besluit voordat julle die gesamentlike vergadering gehad het met die VCA om die MSC aan te pak en dat julle wat saam met die VCA vergader het, slegs uitvoeringshandelinge sou verrig? -- My komitee se mense wat teenwoordig was by hierdie gesamentlike vergadering, was daar gewees met die oog daarop om uit te vind of dit toegelaat word deur VCA se mense, of ons toegelaat kan word om saam te werk met hulle in die uitvoering van hierdie kampanje wat hulle alreeds aangepak het.

MNR. JACOBS : En julle het ook reeds klaar besluit julle gaan hom aanpak? -- Nee, die gesamentlike komitee het daardie besluit geneem dat die kampanje uitgevoer moet word.

HOF : Maar daar was net drie van julle op die gesamentlike komitee, drie van ERPA? -- Die posisie was so. Ons drie wat van my komitee af gekom het by hierdie gesamentlike komitee wat daar gesit het om te besluit, sou die besluite geneem

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het namens ons komitee. Dit was nie alreeds besluit deur my komitee of die kampanje uitgevoer word of nie. Die besluit het eintlik afgehang van die gesamentlike komitee wat ons bygewoon het. Dit wil sê wat ons besluit het in die gesamentlike komitee sou dan verbindend gewees het aan die komitee van ons.

MNR. JACOBS : Om nou nie verwarring te kry tussen ʼn gesamentlike vergadering en ʼn gesamentlike komitee nie. Jy het reg deur gepraat van ʼn gesamentlike komitee. Wie was die voorsitter van hierdie gesamentlike komitee? -- As ek reg onthou was Esau die voorsitter.

K587 Wat was jy op hierdie gesamentlike komitee? -- As ek reg onthou was ek die sekretaris.

Wie was die vise-voorsitter van hierdie gesamentlike komitee? -- Daar was geen vise-voorsitter daar aangestel nie. Die enigste amptenare daar was net twee. Die voorsitter en die sekretaris.

Die ander mense wat daar saam was, was hulle net lede van die komitee? -- Ja, hulle was lede van die komitee, maar aangesien ʼn voorsitter en ʼn sekretaris nodig is by ʼn komitee, was daar ʼn voorsitter en ʼn sekretaris gewees.

Kan jy net vir ons sê hierdie gesamentlike komitee voordat julle nou gegaan het die dag en ek neem aan dit is wat bekend staan as ʼn "blits" wat gehou word om handtekeninge te kry. Is dit reg? Dit is ʼn "signature blitz" soos wat dit bekend was.

HOF : Wat is ʼn blits? -- Ek weet nie, dit word so genoem. Ek het aanvaar dit is maar die benoeming van daardie tipe werk wat aangepak word om dit uit te voer.

Jy meen ʼn blits is as jy langs ʼn tafel sit en mense

se/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

se handtekeninge vra? -- Ja, dit is wat ek verstaan het. Ons moet net daar gaan sit by die tafels en mense roep om te kom teken.

Ek het altyd gedink julle doen dit blitsig, daarom noem julle dit 'n blits? -- Dit kan wees dat dit miskien so 'n blits is wat in die normale vertolking sal wees dat dit so gou as moontlik afgehandel moet word. Daar was alreeds 'n groot haas gewees om dit te voltooi.

MNR. JACOBS : By hoeveel geleenthede het julle by tafels gaan sit en handtekeninge ingesamel? -- Nee, ongelukkig was ek nie by die tafels gewees nie. Ek was een van die mense wat bekend gemaak het aan die gemeenskap wat daar beweeg het dat daar handtekeninge gekry word by daardie tafel en mense wat daar beweeg kan soontoe gaan om handtekeninge te gaan gee. Ek het, indien nodig, verduidelik aan die mense hoekom dit nodig was, maar verder as hulle nie navrae daaromtrent doen nie, het ek hulle net verwys na die tafel toe. Die mense by die tafels sou dan die verdere verduideliking doen.

Hier kom nou 'n paar vrae uit dit wat jy nou sê. Jy sê jy was nie by die tafels gewees nie. Het jy glad nie by die tafels gekom nie? -- Wat ek daarby bedoel, ek het nie mense daar laat teken onder my toesig nie.

My vraag is, het jy glad nie by die tafel gekom nie? -- Ek was op verskillende geleenthede by die tafels gewees.

Om wat te gaan doen? -- Partykeer in die geselskap van die persoon wat moet gaan teken, wat ek wil hê moet gaan teken en dan loop ek en gesels met die persoon tot by die tafel.

Nog?

HOF : Maak dit saak?

MNR. JACOBS : Ek wil uitvind wanneer het hy dan die

geleentheid/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

geleentheid gehad om die goed te gaan lees. Hy sê hy het dit daardie dag gelees by die ... (sin word nie voltooi nie)

HOF : Vra vir hom wanneer het hy dit gelees? Dan kom ons gouer op die antwoord af.

MNR. JACOBS : Wanneer het jy dan gelees aan daardie dokumente? -- Op die stadiums wat ek by die tafels gekom het, het ek die vorms gelees.

En wat het jy aan die mense verduidelik toe jy aan hulle verduidelik het wat nodig was om te verduidelik? -- Ek het aan die mense gesê dat daar is tafels en by daardie tafels word daar handtekeninge benodig van die mense wat teen apartheid is om ŉ kol te maak dat hulle ook teen apartheid is, wat Swartmense pla en hierdie kampanje word uitgevoer namens die UDF.

Was dit so beplan op julle vergadering, gesamentlike vergadering van die gesamentlike komitee dat dit is wat jy sal moet doen en dat jy dit so sal moet verduidelik? -- Nee, toe ons by die plek kom, het ons dit nodig gevind dat daar iemand moet wees om die mense aan te spreek. Dit is hoe dit gebeur het.

Jy sê "ons" het dit nodig gevind. Wie is "ons"? -- Ons was ŉ klompie mense bymekaar wat daardie plig daar gaan uitvoer het. Dit het aan ons duidelik geword.

Ek het jou netnou die vraag gevra en ons het afgedwaal daarvanaf. By hoeveel geleenthede is handtekeninge versamel? Was dit net op een dag, meer as een dag of was dit op vyf dae gewees, tien dae, verskillende dae? Op hoeveel geleenthede was dit? -- Net op een dag, die betrokke Saterdag.

Tussen daardie Saterdag en die eerste keer wat julle vergader hetas ŉ gesamentlike komitee op ŉ gesamentlike

vergadering/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vergadering, hoeveel vergaderings het julle tussenin gehou? -- Ons het ꞌn vergadering gehou met die oog daarop om mense te bekom wat behulpsaam sou wees met die uitvoering van die "million signature campaign". Na daardie vergadering kan ek nie aan ꞌn ander vergadering dink wat gehou was nie. Dit is by hierdie vergadering waar dit besluit was dat ek tafels sal moet gaan verkry wat gebruik sal word by die punte soos bespreek deur ons waar die handtekeninge gekry sal moet word.

Is dit dan net twee vergaderings wat julle gehou het of net een? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie. Ek vermoed dit was net een vergadering.

Op die vergadering was die take opgedra aan sekere van die lede daar om sekere take uit te voer. Is dit reg? -- Dit is reg.

Wie het die opdrag gekry om die jeug te betrek in hierdie kampanje? -- Esau.

En watter jeug moes hy betrek in hierdie kampanje? -- Ons het verwag dat hy die jeug gaan kry wat ons bekom het vir die protes teen die fees van Rabotape.

Is dit die COSAS jeug? -- Ons het nie verwag dat daar enige organisasie jeug betrek sal moet word nie. Eintlik het ek geen kennis gedra van ꞌn jeugorganisasie nie. Ons het nie verwag dat daar jeug by sal wees nie.

Dit is vir my ꞌn baie eienaardige situasie hierdie. Het COSAS bestaan in die Vaal Driehoek? -- Ek weet nie.

Hoe is dit moontlik, jy met jou politieke agtergrond dat jy dit nie eers weet nie? -- Ek het geen ondervinding gekry van wat daar gebeur het tussen die jeug destyds in die Vaal nie. Dus kan ek nie sê of daar enige organisasie bestaan het nie.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Het u kinders? -- ja.

Hoe oud is hulle? -- Die oudste van hulle is 21.

Daarna? -- Twee jaar jonger as 21.

19 jaar en dan? -- Die een is omtrent 17.

En daarna? -- Die een is 15.

En daarna? -- Ek dink die ander een is 10 jaar.

Het hulle skool gegaan in die Vaal Driehoek? -- Ja, dit is reg.

Waar het hulle skool gegaan? -- Die een was by Sebokeng Stage School in 1984. Ek dink die ander twee was by Tokhela Hoërskool. Die ander een was by Mokotude Hoër Primêre Skool.

Is dit nou in Evaton? -- Net Tokhela is geleë in Evaton. Die res is in Sebokeng.

MNR. JACOBS : Wil u vir my sê dat u het nie geweet dat COSAS daar bestaan en dat daar periodiek aggitasie was vir studenterade by die skole te stig deur lede van COSAS nie? -- Nee, ek het nie daarvan geweet nie.

Het jy nie eers geweet van die Vaal Youth Congress nie? -- Niks daarvan geweet nie.

Ek wil aan jou 'n dokument stel wat gekry is by Curtis Nkondo. Dit is BEWYSSTUK C129. Die opskrif daarvan is "Release Mandela Campaign" RMC. Op bladsy 2 - miskien moet ek maar begin lees op bladsy 1 van hierdie dokument wat blykbaar uitgegee is deur die Release Mandela komitee. "The Transvaal executive committee spearheaded single handed the establishment of interim committees in may part of the country. To accomplish this feat, the lack of funds become a blood bear or a bogey. Determined to make a success of the campaign, the executive committee had no alternative but to borrow R6 000,00 to buy and to produce three Mandela

T-shirts/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

T-shirts for sale and to form interim committees. Unfortunately the T-shirts were banned before most of them were sold. Our Release Mandela Campaign meetings were also banned, but this did not daunt or determination to form interim committees. We then took advantage of UDF's one million signature campaign and the launching of the youth congresses and women organisation to create interim committees. As a consequence of these efforts the following committees were formed in the Vaal Mankweng, University of the North, Seshogo and Pietersburg and then the VAal complex, Evaton, Sebokeng and Bophelong." Weet jy enigiets van hierdie ding dat die "million signature" kampanje spesifiek aangewend was in die Vaal vir die stig van Release Mandela komitees en ook dat daar gebruik gemaak was van die "launching" van "youth congresses" om hierdie komitees te stig? -- Ek dra geen kennis daarvan nie.

Stem u saam dat dit is duidelik dat hierdie Release Mandela Campaign wat julle onder hierdie gesamentlike komitee so gevoer het, baie verder gegaan het as net bloot ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wag net so 'n bietjie. U praat van Release Mandela Campaign. Ons is besig met die "million signature campaign".

MNR. JACOBS : Ekskuus. Laat ek dit weer stel. Stem jy saam dat hierdie "million signature campaign" wat deur julle gevoer was onder die gesamentlike optrede van hierdie gesamentlike komitee van ERPA en van VCA,baie verder gegaan het as net die blote insameling van handtekeninge?

MR BIZOS : With respect, the document does not say that. It says "We", that is the people that did the Release Mandela campaign, took advantage, it says, of the UDF's

campaign/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

campaign. Whatever that may mean, it does not mean that this committee took part in the Release Mandela - how they took advantage of it, is for them to answer, but this witness - the question as it is being put, is not supported by the document.

HOF : U kan nie hier by "interim committee" lees "joint committee" en dan dink dit is dieselfde ding nie, want 'n "interim committee" soos ek dit lees is 'n "interim committee" van die RMC, Release Mandela Campaign, terwyl hy te doen het met 'n "joint committee" in verband met die protes teen Rabotape wat uiteindelik gebruik is vir die "million signature campaign."

MNR. JACOBS : Ek sal dit net so 'n bietjie verander en sê dat hulle gemeenskaplike komitee se optrede, hy kan daarop antwoord soos hy dit goed ag, ek stel dit dat die komitee se optrede, die gesamentlike komitee se optrede in die uitvoering van die kampanje, die "million signature" kampanje is dan ook betrek deur die RMC en dat julle het verder gegaan as net blote versameling van handtekeninge? -- Nee, dit is nie korrek nie. My gesamentlike komitee het niks te doene gehad met ander komitees nie. Selfs met die komitee van Release Mandela. Ons het ons eie doelstellings gehad by daardie gesamentlike komitee.

Was daar 'n Release Mandela komitee in die Vaal en in die besonder in Evaton ook? -- Ek het nog nie daarvan gehoor nie.

Jy was goed bekend met beskuldigde nr. 5? -- Nie so goed soos u dit nou beskryf nie.

Is u bewus daarvan - hoe goed beskryf ek dit? -- Die kwalifikasie "goed". U moenie sê goed nie. Ek was bekend

met/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

met hom, maar nie soos u dit beskryf nie.

HOF : Hoe bekend was u met hom? -- Ek ken hom net as 'n spreker by vergaderings van die Ratepayers in 1981/82 en weer as 'n spreker by 'n vergadering in 1984 ook van die Ratepayers.

MNR. JACOBS : Was hy gereël as 'n spreker namens die jeug met daardie eerste vergadering? -- Ons het gevra vir 'n jeug om 'n toespraak te kom maak by ons vergadering.

HOF : Hoe oud is beskuldigde nr. 5? -- Ek is nie seker nie. As ek reg onthou het ek gehoor hy is tussen 25 en 26 in hierdie jaar.

MNR. JACOBS : Kan jy onthou dat hy 'n lid was, het jy geweet, het jy kennis gedra dat hy 'n lid was van COSAS in die Vaal? -- Nee.

Kan jy betwis dat lateraan, dit is terwyl hy in die skool was en toe hy uit die skool is, was hy 'n stigterslid van die Vaal Youth Congress in die Vaal? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Wie is die sogenaamde jeug wat julle toe gekry het en wat daar gekom het om julle te help met hierdie kampanje? -- Ek weet nie wat is hulle name, dit wil sê die persone wat daar teenwoordig was nie.

Het jy nie eers probeer uitvind nie? -- Nee.

En wat moes hulle nou spesifiek doen? -- Hulle het daar gesit. Hulle sou die mense penne gegee het om te skryf.

HOF : Het hulle by die tafels gesit? -- Ja.

MNR. JACOBS : Hoeveel van hulle het opgedaag en het julle van gebruik gemaak?

MR BIZOS : Why "use them" with the greatest respect. Why is it necessary for the prosecutor to always introduce a nasty connotation on what was otherwise perfectly lawful

and/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

and open activity or is it suggested that 19, 20 or 21 or 25 or 26 year old youths have no mind of their own and that they were used by the witness?

MNR. JACOBS : Ek weet nou werklik nie wat is die beswaar nie. Die feit is, hulle het gebruik gemaak, dit is die getuienis, van jeugdigdes om hulle te help. Ek weet nie wat is die beswaar waarop ek moet antwoord nou nie.

HOF : Ja, herhaal maar die vraag.

MNR. JACOBS : Hoeveel van die jeugdiges het julle gebruik? -- Ons het hulle nie gebruik nie, maar wat wel daar gehelp het as vier in getal.

Wie is hulle? Ken jy enige van hulle? -- Nee, soos ek alreeds gesê het, ek kan hulle nie meer by name onthou nie.

Kan jy onthou was dit van dieselfde mense wat deelgeneem het aan die protes teen die fees? -- Ek ken net die een Edward Motubatsi wat in die VCA komitee gedien het. Die res ken ek nie.

HOF : Edward Motubatsi, is dit een van die jeugdiges wat gehelp het? -- Ja.

MNR. JACOBS : Een van die vier jeugdiges? -- Ja.

Ek kan dan nie verstaan dat dit nodig was om daardie mense te gaan kry nie, terwyl julle in julle twee organisasies self genoeg mense gehad het om daardie werk te doen?

HOF : Die mense en daardie mense.

MNR. JACOBS : Hoekom julle die jeugdiges gebruik het, ek gaan weer die woord gebruik, om julle te help met hierdie kampanje, terwyl julle in die organisasies ERPA en VCA tog sekerlik meer as genoeg mense gehad het wat julle kon gehelp het en waarvan julle gebruik kon gemaak het? -- Ek sal u sê dit is nie so nie. Die rede daarvoor is dat by my komitee

die/,...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die meerderheid van die mense daar is heelwat bejaarde mense, wat dus nie in staat kon wees om hierdie werk te kon uitvoer nie.

Het jy beskuldigde nr. 14 geken?

HOF : Gee ons net die naam van die beskuldigde dat daar nie verwarring kom nie?

MNR. JACOBS : Jerry Tlhopane? -- Ek het hom nie geken nie.

Was hy nie - weet u dat hy die organiseerder van COSAS was in die Vaal, Vaal-tak van COSAS? -- Nee, ek het nie daarvan geweet nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K588 MORAKE PETRUS MOKOENA, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Mokoena, die "million signature campaign", nadat jy hierdie stukke wel in jou besit gekry het en dit bestudeer het, stem jy saam dit is ŉ propaganda-veldtog teen die Staat? -- Ek stem nie saam nie.

En sal jy sê dit is ŉ propaganda-veldtog ook terselfdertyd ook om UDF te propageer en gewild te maak onder die mense? En die verwerping van die Staat se planne vir veranderinge? -- Dit is nie so nie.

En stem jy saam dit is ook ŉ opbou van organisasies vir die aktiewe betrekking van die organisasies en indiwidue teen die Staat? -- My verstandhouding van hierdie dokument en die "million signature campaign"is die volgende. Dat dit beteken vir die mense wat teen apartheid is dat hulle hulle handtekeninge daarop kan plaas om ŉ aanduiding te gee dat hulle teen die apartheid is en dat hulle nie daarvan hou nie, dat hulle wil hê die regering moet al die mense

toelaat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

toelaat sonder uitsondering van sekere mense. Dit is dus nodig vir die "million signature campaign"om daar te wees sodat persone, indiwiduele persone kans kan kry om hulle gevoelens te laat bekend maak deur die "million signature campaign"te teken, dat ek nie van apartheid hou nie.

U sê dit is om die mense toe te laat. Ek verstaan nie wat bedoel jy daarmee nie? -- Dit beteken dit is vir die mense beskikbaar gemaak om dit bekend te maak dat hulle, die mense, teen die apartheid is.

Dan kan ek net hoor by jou, wat bedoel jy met apartheid? Wat betrek jy onder apartheid alles? -- By my begin apartheid op hierdie punt. Ek is nie toegelaat om gekies te word by ŉ parlement nie of ek is nie toegelaat om iemand van my keuse te kies om namens my by die parlement te gaan optree nie. Die maak van die wette deur mense wat ek nie voor gestem het nie. Die mense maak die wet wat so moeilik is en wat probleme vir my bring. Die verdeling van mense, deur byvoorbeeld te sê daardie is ŉ Zoeloe en daardie is ŉ ander nasie en Bantoestand se stigting. Dit is die apartheid wat ek van praat.

En apartheid, sluit dit ook in die regering wat nie hierdie dinge toelaat nie? -- Maar die apartheid is veroorsaak deur hierdie regering wat dan toelaat dat daardie verdeling geskied en die probleme wat ondervind word.

So, stem jy dus saam dat jou konsep van apartheid sluit ook in die regering? -- Ja, heeltemal reg.

En dat jy in hierdie kampanje se voering ten minste het jy deel daaraan om dan te sê dat hierdie regering moet vervang word deur ŉ demokratiese regering, wat julle noem ŉ demokratiese regering? -- Nee, ek het my naam daarop geplaas as

ŉ/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ŉ aanduiding van ŉ persoon wat ook nie van apartheid hou nie.

En jy het mense gekry om te teken, aktief gewerk omdat jy teen die apartheid regering is en die apartheid staat? -- Dit hang af van die persoon wat teken of die persoon nou so aanvaar soos ek geteken het en indien die persoon aanvaar wat my redes is hoekom ek geteken het, sou daardie persoon op eie beweging na die verstandhouding van die redes hoekom ek geteken het, dan op sy eie geteken het.

Maar ek praat nou nie van toe jy geteken het nie. Ek praat van toe jy aktief gewerk en mense gewerf het om die vorm te teken en hierdie kampanje opgeneem het? -- Ja, dit het ek gedoen.

En dit was omdat jy bewustelik gewerk het om die mense bewus te maak dat hulle teen die apartheid regering en teen die apartheid stelsel moet wees? -- Die posisie is dat ŉ persoon wat daar teken teken op sy of haar eie gevoelens, nie op my gevoelens nie.

Maar jou gevoelens was om die mense te kry om te teken teen die Staat?

MR BIZOS : With the greatest respect, that is not what the document says and it is not what the witness has said.

COURT : But he is attempting to get the witness to say that. Is that invalid?

MR BIZOS : No.

COURT : And inappropriate?

MR BIZOS : He can attempt to do it. He must not suggest that the witness or the documents have said so.

COURT : No, he is not dealing with the document now. He says when you attempted to get people to sign, were you

attempting/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

attempting to make their aware against apartheid, if I may put it that way.

MR BIZOS : The question that I objected to was when you got them to sign, did you get them to be against the State and the charge is treason.

COURT : That is not the way I interpreted the question. I wrote down "Het jy gewerk om die mense bewus te maak teen die apartheid stelsel en teen die apartheid regering."

MR BIZOS : That was dealt with. The last question was against the State.

HOF : Laat ons net eers weer die vraag hoor. Dan het ek die vraag gemis.

MNR. JACOBS : My vraag was soos die Hof dit genotuleer het of hy die mense bewus ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MR BIZOS : My Lord, with the greatest respect, he said "State" and I insist that he said "State" and that was what the objection was to.

COURT : Very well, we will change the question to what I wrote down. That may have been a previous question that was not answered.

MNR. JACOBS : Mag ek ook net met respek sê, ek stel nie nou ŉ spesifieke vorm aan hom nie, ek stel ŉ spesifieke stelling aan hom waarop hy kan antwoord ook. Ek dink My Geleerde Vriend moet na die vrae luister voordat hy tussenbei kom op ŉ kritieke punt elke keer as ŉ getuie iets moet sê. Ek wil ŉ versoek rig dat dit gedoen word, want elke keer word ek in die rede geval en my submissie is op vrae wat ek dink ek geregtig is om te vra of hy so gewerk het. Dit is vir die getuie dan om te sê en nie vir mnr. Bizos om die antwoorde hier te kom gee nie.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Wat is die vraag dan?

MNR. JACOBS : Ek noem dit spesifiek. Dit is nie gebaseer op die vorm nie. My vraag aan jou is, toe jy hierdie kampanje opgeneem het en aktief daaraan deelgeneem het, het jy dit opgehou om die mense bewus te maak daarvan dat hulle teen die Staat en teen die apartheid stelsel moet kant kies? -- Dit is nie so nie.

Ek wil net een ding vir jou nog stel voordat dit my heeltemal ontgaan. Op die vergadering van 30 Junie 1984, het jy ook daardie register geteken, jy het dit gister gesien, waar jy reeds met jou aankoms daar geteken het as ŉ afgevaardigde? -- Ek het ŉ register daar geteken omdat ek gevra was waarvandaan ek kom. Ek het die mededeling gemaak dat ek van Evaton Ratepayers Association af kom en ek was dus versoek om te teken en ek het geteken.

En dat waar dit geteken is, het jy ook nie jou volledige adres gegee nie, jy het net genoem jy is van Evaton Ratepayers Association? -- Dit is hoe ek dit onthou, ja.

U het vir die Hof gesê dat hierdie gesamentlike komitee wat by hierdie "million signature campaign"opgetree het is ook dieselfde komitee wat voorheen gestig was en opgetree het by die protes teen die fees? -- Ja.

En as ek jou getuienis reg onthou dan sê jy beskuldigde nr. 17 en ŉ ander persoon het eerste na jou toe gekom? -- In verband waarmee?

Met die fees? -- Ja, ek het gesê die eerste persone wat my genader het van VCA Gebied 7 komitee was beskuldigde nr. 17 en Sefako Mokoena aangaande daardie fees.

Wat het beskuldigde nr. 17 aan jou oorgedra omtrent hierdie fees toe hy by jou gekom het? -- Behalwe om vir

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die Hof te sê dit was beskuldigde nr. 17 of Sefako Mokoena wat dit aan my oorgedra het. Wat aan jy oorgedra was was die volgende, dat daar 'n fees gaan wees vir die "victory" van die Evaton Town Council en hulle het dit aan my ook oorgedra dat hulle nou huurgelde betaal aan die Evaton Town Council.Van wie dit direk gekom het, is ek nie in staat om te sê nie, maar dit is terwyl die twee my daar besoek het dat dit bespreek was.

Kom ons vat net die eerste punt dat hulle vir jou gesê het dat daar 'n fees gaan wees. 'n "Victory" fees, soos jy dit nou stel. Is dit wat hulle oorgedra het aan jou? -- Hulle het gesê dit is 'n fees.

Niks van "victory" nie? -- Hierdie dag het hulle nie gepraat van "victory" nie, maar net van 'n fees. Hulle het nie breedvoerig gesê wat se fees dit was nie.

Wat is nou so snaaks aan 'n fees dat hulle nou daarmee na jou toe kom? -- Dit is snaaks as dit gedoen word deur 'n persoon wat jy nie aanvaar nie. Byvoorbeeld in hierdie geval die Evaton Town Council is snaaks aan ons, want dit het ons land geneem.

Het hulle dan gesê daar dat hulle praat nou oor 'n fees van mense wat hulle nie aanvaar nie? -- Wie?

Beskuldigde nr. 17 en Sefako Mokoena wat saam met hom was? -- Nee, hulle het nie so gesê nie. Hulle het gesê die Town Council van Evaton maak 'n fees.

Maar is dit nou al wat hulle vir julle gesê het? Wat is die doel om dit vir jou te sê? Ek kan dit nie verstaan nie om net vir jou te sê hulle maak 'n fees. Vertel vir ons meer? -- Ja, dit is wat hulle gesê het.

Wat nog? Het hulle niks meer gesê, julle moet dit

opponeer/..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

opponeer of iets doen daarteen nie? Niks verder nie? -- Dit is wat hulle gesê het. In antwoord het ek gesê dit is lank wat ons daarvoor gewag het om te verneem wanneer Rabotape se fees gehou gaan word, want ons het reeds ook daaraan gedink om iets daaromtrent te doen om te gaan demonstreer. Dit is juis die rede hoekom ek hulle aangeraai het dat kyk, die beste om te doen is, julle moet kom dat ons die ding met mekaar bespreek.

Hoekom moet hulle nou 'n fees kom bespreek? Het hulle vir enige doel na jou toe gekom? -- Dit is wat ek verduidelik het. Hulle het hierdie fees by my bekend kom maak en tweedens wou hulle verneem het hoekom hulle huur moet betaal aan Evaton gemeenskapsraad of Stadsraad terwyl hulle in die Administrasiegedeelte woon, dit is die Administrasieraad se gedeelte woon.

Het hulle aan jou gesê hulle is daarheen gestuur deur VCA om julle daarop attent te maak dat iets moet gedoen word omtrent hierdie fees? -- Ek kan nie onthou dat hulle so gesê het nie.

Was Esau Raditsela nie ook saam gewees nie? -- Ek sê dan dit was Matlole en Sefako. Esau was nie daar nie. Wat van Esau?

Jy moet maar net my vrae antwoord. Sê vir my, is jy heeltemal korrek dat hierdie 'n fees was vir oorwinning? Was dit nie die inwyding van daardie stadion gewees nie? -- Dit is lank dat daardie stadion daar staan.

U sê dit was nie die inwyding van die station nie? -- Nee, dit was nie.

HOF : As u sê hy staan lank,bedoel u dat hy al jare daar was of was dit 'n kwessie van weke of maande? -- Dit is

jare/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

jare.

MNR. JACOBS : Ons gaan dan aan. Jy op jou eie het sommer net daarso dan besluit julle moet nou 'n gesamentlike vergadering hou om te protesteer teen hierdie fees? -- Dit is nie so nie.

Maar as ek jou getuienis reg verstaan het, het jy nou net gesê dat jy vir hulle gesê het "Nou maar goed, nou moet ons saamkom om te protesteer." U wag al lank daarvoor? -- Die samespreking wat ek na verwys het was dat hulle moet ander lede van hulle komitee ook saambring dat ons hierdie aangeleentheid kan bespreek.

En om 'n protes te reël? -- Op daardie stadium was dit nog nie in my gedagte gewees nie.

Goed, ons los dit daar. Die rekord kan vir homself praat. Wat het jy met hulle gereël, waar sal julle ontmoet met hulle komitee?

HOF : Maak dit saak, mnr. Jacobs? Of hulle op die voorstoep ontmoet het of waar ook al? Dit is tog seker nie in geskil dat hulle 'n gesamentlike komitee gehad het en dat hulle bymekaar gekom het en dat hulle hierdie protes gereël het nie? Wat maak dit dan saak waar hulle ontmoet het?

MNR. JACOBS : Daar is sekere aspekte ....... (Hof kom tussenbei)

HOF : Dit mag wees dat u na iets toe werk, maar 'n mens moet darem nie noodwendig koste-effektief nie, maar darem 'n bietjie tyd-effektief in so 'n saak ook wees.

MNR. JACOBS : Ek probeer sover moontlik om tyd-effektief te wees in die saak. Kan ek dit dan vir jou so stel sou die vergadering by jou huis plaasgevind het? -- Wat ek aan hulle oorgedra het is dat hulle na my toe kan kom dat ek aan

hulle/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hulle kan verduidelik dit wat hulle wil weet aangaande die huur wat hulle nou daar betaal en nog verder wat ons dan daar kan bespreek is die aangeleentheid van Rabotape se fees.

Het julle by jou huis vergader of nie?-- Ja, dit is so.

Was Esau toe daar teenwoordig? -- Ja, hy was.

En was hy toe op daardie vergadering gekies as die voorsitter van julle gesamentlike komitee? -- Ja, dit is so.

Het jy enige van die mense van ERPA uitgenooi na hierdie vergadering toe? -- Ja, daar was.

Wie was dit? -- Khabi, ekself, Oliphant en Khubeka.

Was jy gekies as die onder-voorsitter of die sekretaris daar bokant Khabi? -- Ek was die sekretaris van die gesamentlike komitee.

Dit is mos wat ek vir jou vra. Was jy verkies bokant Khabi en dié mense? -- Ja, ek was verkies.

Kan jy vir ons sê hoe dit dan gebeur het dat, dit is 'n protes wat later ontwikkel het, van Evaton se raad dat julle man van die VCA , naamlik Esau Raditsela gekies het om leiding te neem oor hierdie hele aangeleentheid? -- Toe ons daar bymekaar gekom het was dit met die oog daarop dat die komitee wat saam werk, die "combined committee" daar moet gaan besluit oor dinge wat gedoen moet word, maar dit was vir die lede van daardie komitee om te besluit wie hulle nou gaan kies as die leier van hierdie spesifieke komitee wat dan die demonstrasie-uitvoering sal doen. Dit was nie vir iemand anders om te sê wie moet hulle kies en hoekom so 'n persoon gekies moet word nie. Dit het van hulle afgehang wie hulle daar gekies het.

Op die vergadering het julle besluit mense moet betrek word. Dit was jou getuienis. Is dit reg? -- Ja.

Wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Wat bedoel jy met mense moet betrek word? -- By mense wat moet betrek word het ek die volgende bedoel. Ons het 'n besluit geneem dat daar plakkate gehou gaan word. Dus het ons mense nodig gehad om die plakkate te hou. Dit is dus hierdie mense wat ek van praat wat betrek moet word, sodat ons mense moet verkry om plakkate te hou.

En wat se mense moes dan betrek word om plakkate te hou? -- Ons wou die jeug gehad het.

So, julle wou die jeug daarby gehad het spesifiek ? -- As gevolg van die omstandighede en die tipe werk wat ons wou gehad het moet uitgevoer word deur die persone wat ons moet betrek, het ons besluit op die jeug as die persone wat dit sal kan doen.

En wie moes die jeug betrek? -- Ons het gesê Esau moet die jeug vir ons kry.

Hoekom kon julle nie die jeug gekry het daar uit Evaton uit nie? -- Ons was nie kieskeurig gewees van watter deel die jeug sal kom nie, solank daar jeug was, was hulle reg. Dit wil sê of Esau nou Evaton toe sou gegaan het om die jeug vir ons te kry of waar ook al, by ons het dit nie saak gemaak nie.

Jy sien, want dit is vir my eienaardig. Jy het die Hof vertel dat julle in Evaton was begerig en angstig om die jeug politiek bewus te maak, daarom kon hulle by julle vergadering aansluit vanaf 18 jaar, by julle vereniging? Is dit korrek? -- Die korrektheid daarvan is dat ons wel besluit het om die jeug by ons organisasie te laat aansluit. Dit was as gevolg van die hulp wat hulle aan ons verleen het in uitvoering van sekere pligte dat ons so besluit het.

Is ek reg as ek sê dat jou getuienis was ook dat

julle/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

julle gesê het - dat jy gesê het die jeug in Evaton is eintlik baie passief gewees en daarom wou julle hulle betrek het in julle organisasie? -- Na Esau vir ons die jeug verkry het om hierdie plig uit te voer van die hou van plakkate by hierdie geleentheid, het ons dit eers nodig gesien en agtergekom dat dit wel vir ons nodig was om jeug te kry vir ons doen en late daar, as gevolg waarvan ons dus gesê het goed, ons lidmaatskap gaan oop wees vir 'n persoon wat op die ouderdom van 18 jaar begin en meer om sekere werk vir ons te kan uitvoer. Dus het ons besluit dat hulle aangemoedig moet word. Dit is dat die jeug aangemoedig moet word.

Kan jy onthou wanneer was hierdie fees gewees? -- As ek nie verkeerd is nie was dit 12 Mei.

Het Esau aan julle teruggerapporteer nadat julle gesê het hy moet die jeug kry, dat hy wel die jeug gekry het en waar hy dit gekry het? -- Al wat hy gesê het is dat hy die jeug gekry het. Ek het die indruk gekry dat hy miskien van die jeug praat in die omgewing van Evaton. Ek het hom nie pertinent gevra om vir my te sê presies waar het hy die jeug gekry nie. Dit kon gewees het dat hy die jeug gekry het in Sebokeng of Evaton.

Hy het ook nie gesê watter organisasies betrek word nie? -- Nee, hy het nie.

Is ek reg as ek my afleiding maak dat hierdie protes was om die raadstelsel en die raadslede van Evaton eintlik ongunstig te stel teenoor die inwoners van Evaton? -- Dit is nie die waarheid nie.

Het julle nie plakkate gemaak wat teen die raadslede en raadstelsel gekant was nie? -- Daar was plakkate gewees wat verwys het na die raadslede.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En wat hulle sleg gemaak het? -- Nee, ons het hulle nie sleg gemaak nie. Daar het ons net bekend gemaak wat hulle gedoen het.

Wat het julle bekend gemaak? -- Van die plakkate het bekend gemaak dat hulle die grond van Evaton oorneem en dit aan die Administrasieraad oorhandig.

Is dit nie iets slegs om vir die mense te sê "Kyk, daardie mense kom en vat julle grond en gee dit vir die Administrasieraad" nie? -- Nee, maar dit was ŉ bekende ding onder die mense daar dat dit gebeur het, dat die grond oor-geneem was deur die Administrasieraad.

Is dit ŉ bekende ding onder die mense, was dit ŉ slegte ding wat bekend was onder die mense?

HOF : Hoekom moet ons nou so rondspring. Sê u dat as ŉ mens ŉ plakkaat maak "Do not feast with the disciples of oppression" dit nie die neiging het om die mense, "disciples of oppression" in onguns te bring by die mense wat die plakkate sien nie? -- Vir die mense om gekant te wees teen daardie mense is om nie te gaan eet by die fees waarheen hulle genooi is om te gaan eet nie.

MNR. JACOBS : Maar jy antwoord nie die vraag van die Hof nie, om te sê "do not feast" met die mense van "oppression", is die nie sleg maak nie? -- Nee.

Wat beteken die plakkaat of wat het julle bedoel met die plakkaat "Today you eat, tomorrow you are thrown out"? -- Vandag word jy genooi om te kom eet en môre, oormôre word jy gesê jy word uit die huis gesit omdat jy sekere dinge nie nagekom het nie. Byvoorbeeld Sebokeng, as jy nie jou huur betaal het nie, dan sal jy uit die huis gesit word.

So, die boodskap wat dan oorgedra word aan die mense



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

is dat die raadslede onderdruk hulle? -- Kyk, u kan dit op enige manier vertolk sover as u dit kan vertolk, maar ek gee u nou die idee in daardie plakkaat hoekom dit daar gestaan het.

Was daar enige plakkate wat verwys het na die Lekoa Stadsraad? -- Nee, daar was nie.

Nie een enkele een nie? -- Nee.

Het die mense van VCA nie ook plakkate gemaak wat hulle aangeleenthede raak nie? -- Die plakkate wat daar gemaak was is deur myself en beskuldigde nr. 17 gemaak by my woning. Ek weet nie of VCA ook by ander plekke plakkate gemaak het nie, maar daar was geen plakkate wat ek gesien het nie.

So, jy het by jou woning plakkate gemaak, sê jy? -- Ja, dit is reg.

Het jy alleen plakkate gemaak? -- Ek sê dan ek was saam met beskuldigde nr. 17.

Hoe het dit gekom dat hy dan saam met jou plakkate maak? -- Dit was besluit deur die komitee dat ek en hy die plakkate moet skryf.

Hoe baie plakkate het julle gemaak? -- Dit was 'n hele paar, heelwat baie.

Honderd, tweehonderd? -- Tussen veertig en vyftig.

En die plakkate was almal in Engels, sê jy? Is dit reg? -- Wat my betref, al dié wat ek geskryf het was in Engels geskryf. Ek weet nou nie of beskuldigde nr. 17 in Sotho ook geskryf het nie.

Maar jy was mos teenwoordig daar gewees? -- Ja, ek was teenwoordig.

Dan kon jy mos gesien het? -- Ons was meer bekommerd oor die produktiwiteit dat dit vinnig uitkom. Hy was op



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

sy punt waar hy gesit en skryf het. Ek het ook eenkant gesit en geskryf.

Het enigiemand anders plakkate gebring wat reeds voltooi was voor die mense bymekaar gekom het om die plakkate te kry? -- Ek weet nie daarvan nie.

Waar het julle die plakkate beskikbaar gestel aan die mense wat dit gaan dra? -- Beskuldigde nr. 17 het besit daarvan geneem. Beskuldigde nr. 17 en Esau het op ŉ Vrydag besit geneem van hierdie plakkate.

Is dit die dag van die protes? -- Dit is ŉ dag voor die protes.

Die dag van die protes het jy hierdie plakkate weer gesien in ŉ bondel of in ŉ pak? -- Nee, ek het ŉ bietjie laat daar opgedaag. Met my aankoms daar het die mense alreeds die plakkate geneem.

Het hulle alreeds hulle plekke ingeneem? -- Ja, hulle het alreeds.

Het jy die mense geparadeer om te kyk dat daar nie moeilikheid is nie? -- Ja, dit is so.

En het jy enige ander plakkate gesien as dié wat julle gemaak het? -- Nee, ek het nie so ŉ plakkaat gesien nie.

Het jy plakkate gesien wat in ŉ ander taal is as Engels? -- Ek het nie so opgelet nie, want ek weet ek was by toe die plakkate gemaak was. So, ek het nie ŉ rede gehad om daarna op te let nie.

Het jy beskuldigde nr. 9 daar gesien? -- Ek het hom nie gesien nie. As ek hom daar gesien het, was hy nie op daardie tydstip aan my bekend nie.

Jy sien, beskuldigde nr. 9 sê self hy het daar gestaan

op/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

op daardie protes? -- Ek sê so. Ek sê dit is moontlik dat hy daar was, maar hy was nie aan my bekend nie.

En beskuldigde nr. 5, was hy deel van die protes? -- Ek het hom nie daar gesien nie.

En beskuldigde nr. 14, Tlhopane? -- Hy was ook nie aan my bekend nie.

So, jy kan nie sê of hy daar was of nie? -- Nee, ek kan nie sê nie.

Hoekom was dit nodig gewees dat julle dan drie mense aangestel was om orde te hou daar? -- Dit was met die oog daarop om toe te sien dat daar dinge vlot moet verloop, dat daar nie probleme moet wees nie. Ons het toesig gehou om daarna toe te sien.

Het julle moeilikheid verwag? -- Nee.

As ꞌn mens mos nie moeilikheid verwag nie, gaan ꞌn mens mos nie mense aanstel nie. Is dit reg? -- Ja, maar ꞌn mens sal altyd "precautions" vat om dit te sien.

Jy sê daar is ook pamflette versprei oor hierdie protes? -- ja, dit is so.

Waar kom die pamflette vandaan? -- Dit was op besluit by die eerste vergadering van ons met die mense van VCA.

Waar kom hulle vandaan? Wie het dit gemaak? Wie het dit gedruk? -- Esau Raditsela het dit laat druk.

Dit is weer die VCA mense wat die goed laat druk, wat die inisiatief neem? -- Vir gerieflikheid dat die persoon in die dorp werk en daar besluit word dat omdat hy in die dorp werk, dat hy daardie plig moet uitvoer, is nie ꞌn kwessie van dat dit besluit is dat dit weer deur VCA gedoen moet word nie. Dit is ꞌn kwessie van gerieflikheid.

Wie het betaal vir die pamflette? -- Ons het geld uit

ons/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ons sakke gehaal.

Hoeveel pamflette was dit? -- Ek sal nie kan onthou hoeveel van die pamflette daar was nie.

Jy kan mos onthou toe hulle gekom het, of dit baie was, baie pakke wat julle vir baie mense moes uitdeel? -- Hulle was nie baie gewees nie, want ek sal vir u sê die rede is daar was ook 'n luidspreker gewees beskikbaar wat gebruik sou gewees het om dit bekend te maak. Dus was daar geen nodigheid vir baie pamflette nie.

Wie het die pamflette gedruk? Kan jy vir ons sê? -- Ek weet nie na wie het Esau gegaan in die stad om dit te laat druk nie.

Het jy nie gesien op die pamflette wie het dit gedruk nie? -- Nee.

Wat was die bewoording op hierdie pamflet? -- Dit het bekend gemaak aan die mense dat die mense herinner word om te onthou wat maak Evaton Town Council in Evaton en die mense aangeraai om nie te gaan eet nie.

So, die mense is in die pamflet ook weer attent gemaak daarop dat die Evaton Town Council is nie aanvaarbaar nie omdat hulle sekere dinge gedoen het? -- Nee, ons het nie so gesê in die pamflet self nie. Ons het net die mense bewus gemaak van wat die Evaton dorpsraad doen.

Wat het julle hulle bewus gemaak, wat doen die Evaton dorpsraad? -- Ons het nie spesifiek gesê wat die Evaton dorpsraad doen nie. Wat ons gesê het is dat die mense moet onthou van die baie dinge wat die Evaton dorpsraad doen.

Sonder om te spesifiseer? -- Nee.

Het dit vir die mense gesê die Evaton dorpsraad se fees moet hulle boikot? -- Ja.

Is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Is die pamflet uitgegee onder gesamentlike naam van VCA en ERPA? -- Ja.

En die plakkate wat julle gebruik het wat die mense mee gestaan het, was dit ook onder die gesamentlike naam van VCA en ERPA? -- Al was dit nie skriftelik op die plakkate so gewees nie, maar die plakkate was gemaak met die bespreking van die twee organisasies en met die ooreenstemming van die twee.

En was dit dus genoem op die plakkate dit is die twee organisasies wat die mense vra om nie te gaan deelneem aan die fees nie? -- Nee, dit was nie so geskryf nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 10 MAART 1987.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.